



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

**REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
AAN DIE RAAD**

Maandag 21 Junie 2021

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoud

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	5
1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)	5
1.2 COVID-19 by die US.....	8
1.3 US in die nuus (23 Feb–24 Mei 2021)	9
1.4 Nuwe struktuur vir kwessiekommunikasie	11
1.5 Voorlegging aan SA Menseregtekommissie.....	11
1.6 Insiggewende nuwe biblioteekversameling.....	12
1.7 Podsendings en sosiale media	12
1.8 Verdieping en uitbreiding van transformasie	12
1.9 Sosiale Impak-inisiatiewe	13
1.10 Projek vir 'n nuwe US-handelsmerk.....	13
1.11 Stelselvernuwing.....	14
1.12 Kampusvernuwing.....	15
1.13 Groen kampus.....	16
1.14 US Botaniese Tuin	17
1.15 Eenheid vir Gestremdhede	17
1.16 Bestryding van geslagsgebaseerde geweld.....	17
1.17 Instrument om self privaathedsimpak te bepaal.....	17
TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING	18
2.1 Aansoeke en inskrywings 2021	18
2.2 Registrasie 2021	18
2.3 Nagraadse inskrywings.....	19
2.4 Historiese studieskuld	20
2.5 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente	20
2.6 Dell Young Leaders-program.....	20
2.7 Verwelkomingsprogram 2021.....	21
2.8 Studentegedrewe sosiale impak ondersoek	21
2.9 Bykomende magister- en doktorsgrade in akademiese jaar 2020	21
2.10 Grade- en toewydingsplegtighede Maart/April 2021.....	22
2.11 Studentewerwing.....	23
2.12 Ontmoetings met skoolhoofde en leerders.....	24
2.13 Aansoektendense vir inname 2022.....	24
2.14 Studentehuisvesting.....	24
2.15 Nuu in ResEd.....	25
2.16 Bevordering van individuele en institusionele meertaligheid	25
2.17 Akademiese en professionele geletterdheid	25
2.18 Module oor gedeelde mensheid.....	26
2.19 Tweede transformasieberaad vir studente	26
2.20 FVZS Instituut vier tien jaar.....	27
2.21 Veldtog vir MIV-toetsing en welwees.....	27
2.22 Geestesgesondheid van studente.....	27
2.23 Beter veiligheid vir studente wat veldwerk doen	28
2.24 Koshuiskos kook!.....	28
2.25 Maties Sport.....	28
2.26 Maties Rugby lê assesserings gedurende Varsitybeker in Pretoria af	30
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE	31
3.1 Uitnemendheid in wetenskap, tegnologie, innovasie vir Afrika	31
3.2 Toename in internasionale vennootskappe	31

3.3	Internasionaal@Fakulteit-werkgroepe.....	32
3.4	Afrika Digitale Universiteitsnetwerk.....	32
3.5	Internasionale Netwerk vir Volhoubare Kampusse.....	32
3.6	Nuus oor SKEMA-vennootskap.....	32
3.7	Assesserings vir internasionale studente.....	33
3.8	Hibridiese Mobiliteitsnaaf.....	33
3.9	US/MSF-vennootskap.....	33
3.10	Telematiese Skoleprojek.....	33
3.11	Ideasmash 2021.....	34
3.12	Intellektuele eiendom.....	34
3.13	Matiewinkel.....	34
3.14	US Woordfees en Koor.....	34
3.15	US Museum.....	35
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER.....		35
4.1	Steun vir ERTLA en ARTLA.....	36
4.2	Uitgebreide leerruimtes.....	37
4.3	Kursusleeslysstelsel.....	37
4.4	Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK).....	38
4.5	Kortkursus oor assessering.....	38
4.6	Kwartaalvergadering vir onderriggenote.....	38
4.7	Stellenbosch en Strathmore hou aanlyn gesamentlike skool.....	38
4.8	ADA-herfsskool en Webinaar-Woensdae.....	39
4.9	Nuwe Tegpreneurskapsentrum lewer eerste kohort.....	39
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK.....		39
5.1	US Skool vir Klimaatstudie.....	39
5.2	Navorsingsuitset.....	40
5.3	Opname oor die impak van die COVID-19-pandemie op Suid-Afrikaners.....	40
5.4	Model vir nagraadse studenteleiding.....	40
5.5	Navorsingspeletjie.....	41
5.6	Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig.....	41
5.7	IKT-hulp vir navorsers.....	41
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER.....		41
6.1	Verdere nGAP-poste vir die US.....	42
6.2	Bewusmaking van gesondheid en welwees.....	42
SLOT.....		42
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE.....		43
	Meningsartikels (23 Feb–10 Mei 2021).....	43
	Rubrieke (23 Feb–10 Mei 2021).....	48
MEDEWERKERS.....		50

INLEIDING

Welkom by die tweede Raadsvergadering van 2021, wat beteken ons is byna halfpad deur die akademiese jaar. Ek lewer hierdie verslag met 'n gemengde gevoel van **opwinding en déjà vu** – opwinding oor die US se suksesse en vooruitgang sedert ons vorige vergadering in Maart, maar déjà vu oor 'n dreigende derde vlaag COVID-19-infeksies.

Ek het laas 'n paar van ons uitdagings uitgelig om as 'n instelling op ons sukses van 2020 voort te bou, en het ook ons planne bekend gemaak om ons onderrig-en-leeraanbod aan te vul. Ons het die afgelopen paar maande heelwat aandag en hulpbronne aan die implementering van **ARTLA** (aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering) gewy om ons momentum van verlede jaar te behou.

Ingevolge risikovlak 1 van die nasionale ramptoestand het ons daarin geslaag om die meeste van ons **studente na ons kampusse** te bring. Ons voorsien tans kontakonderrig binne die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se perke op lokaalkapasiteit, en saai terselfdertyd lesings oor die internet uit vir studente wat aanlyn inskakel (hetsy van die huis af, of van elders op kampus). Daarbenewens maak ons stadig maar seker vordering met ons projek vir uitgebreide leerruimtes (oftewel “ELS”). Dit versterk nie net ons gemengdeleeraanbod nie, maar posisioneer die US ongetwyfeld ook as 'n leier in die voorsiening van 'n studenteleerervaring soos min, sowel gedurende as ná die pandemie.

Ons moet in gedagte hou dat studente se aanwesigheid op kampus 'n kernfaktor is in hulle **akademiese sukses**. Baie studente moet op kampus wees om kliniese werk te voltooi en aan beroepspliggame se vereistes te voldoen. Straks 'n belangriker oorweging is egter ook dat die huislike omstandighede van 'n aansienlike groep van ons studente nie bevorderlik is vir suksesvolle aanlyn leer nie, hetsy weens 'n gebrek aan infrastruktuur en toegang tot breëband, die sogenaamde **digitale kloof**, of ander faktore.

Ek is pas terug van 'n aantal skoolbesoeke in Bloemfontein, Kimberley, George en Oudtshoorn wat deur ons Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies gereël is. Dit is vir my aangenaam om verslag te doen dat die **leerders graag meer wou weet oor hoe hulle Maties kan word**. Hierdie lewendige belangstelling is ook bevestig met ons (eerste aanlyn) Opedag van 17 April tot 13 Mei, wat amper 24 000 voornemende studente, ouers en onderwysers gelok het. Die geleentheid het **waarlik 'n internasionale gehoor bereik**: Sommige besoekers het van Namibië, Zimbabwe, Botswana, Nigerië en selfs van so ver as die Verenigde State, Nederland, die Verenigde Koninkryk, Duitsland en Frankryk ingeskakel.

Ek kan ook verslag doen dat sowel ouers as studente waardering uitgespreek het vir die US se pogings om, deur 'n meertalige benadering in ons akademiese programme, voornemende studente meer geleenthede, 'n wyer verskeidenheid toegangsmoontlikhede en 'n groter kans op sukses te bied.

Boonop het ons teen die einde van April 2021 'n **stewige 1 284 meer** volledige **aansoeke** as op die **ooreenstemmende tydstip verlede** jaar ontvang. Dit is 'n groot prestasie as 'n mens in gedagte hou dat aansoeke vir 2022 eers op 6 April vanjaar geopen het.

Ek glo dié toenemende belangstelling in die Universiteit is 'n direkte gevolg van Span Stellenbosch se **aanpasbaarheid en veerkragtigheid** gedurende die streng inperking van 2020, ons flink oorskakeling na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA), en die suksesvolle voltooiing van die akademiese jaar 2020. Dit het beslis nie ongesiens verbygegaan nie. Die leerders met wie ek gedurende my skoolbesoeke gesels het, was ook beïndruk met ons instelling se vermoë om studente vanjaar kampus toe te bring, en ons verskuiwing na ARTLA om die akademiese projek te ondersteun. Ek is oortuig dat ons sukses in die veeleisende omstandighede sedert die begin van COVID-19 die US 'n selfs aanlokliker keuse vir naskoolse studie maak.

Teen hierdie tyd sal Raadslede weet dat ek van hierdie aanhaling deur die bekende Amerikaanse argitek Daniel Burnham hou: “Make no little plans, for they have no magic to stir men’s blood.” Voornemende studente word duidelik aangegryp deur die US se vermoë om “**groot**” te dink, en dan onverstoord te werk om daardie planne uit te voer.

Nóg ’n rede tot blydskap is dat ons, ondanks die uitwerking van die pandemie verlede jaar, steeds daarin geslaag het om in die **akademiese jaar 2020 ’n rekordgetal kwalifikasies** toe te ken – ’n uitmuntende totaal van 9 235, vergeleke met 9 132 in 2019. Ek bespreek die besonderhede en agtergrond van hierdie prestasie elders in hierdie verslag.

Nietemin is daar by wyse van spreke ook ongeluk by ons geluk. In die lig van die huidige dinamiek van die pandemie moet ons let op die nuwe realiteit van ’n derde vlaag COVID-19-infeksies wat reeds in ons provinsie en streek, nes in die res van ons land, te sien is. Weens ’n stygende infeksiesyfer is die land reeds weer op ’n **strenger inperkingsvlak** geplaas, wat in die maande wat voorlê ons akademiese aktiwiteite en program kan raak.

Ons hou die situasie dop namate dit ontvou. In die lig van die vele onsekerhede by die skryf van hierdie verslag, sal ek egter die jongste inligting oor inperkingsontwikkelings sowel as die bestuur se besluite in hierdie verband by ons vergadering van **21 Junie** aan die Raad voorlê. Intussen put ek troos uit ons bewese veerkragtigheid, en die wete dat indien ’n strenger inperking vereis word, die US na ERTLA sal kan terugkeer om te sorg dat die akademiese projek voortgaan.

Soos gewoonlik kry ’n lid van die Rektoraat weer geleentheid om ’n jaarverslag aan die Raad voor te lê. Hierdie keer is die **Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, prof Nico Koopman**, aan die beurt om oor die afgelope 12 maande se werksaamhede in sy verantwoordelikeheidsentrum verslag te doen. Daarom bevat hierdie oorsigtelike bestuursverslag slegs enkele hoogtepunte uit sy portefeulje. Raadpleeg gerus sy afsonderlike verslag vir meer besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk 6 Maart tot 21 Mei 2021, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Raad in gesprek te tree.

TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US ’n **florerende organisasie** te maak, beoog ons ’n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met ‘florerend’ wat omskryf word as ‘om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy’).

Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om ’n florerende universiteit te word. Ons beseef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”

1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)

Toe die COVID-19-pandemie tref, het die US sy IKBV geskep om toesig te hou oor die nodige intervensies om te sorg dat die Universiteit se akademiese program en ander werksaamhede kon voortgaan. By ’n vergadering tydens die verslagperiode het die IKBV besluit om sy rol vir afsienbare tyd voort te sit in die lig van die voortslepende pandemie en die impak op die US se aktiwiteite.

Werkstroom 1: Studentedienste

Voorsitter: Dr Ronel Retief

Registrasie vir 2021 het van 18 Januarie tot 31 Maart plaasgevind, met uitgespreide sluitingsdatums vir verskillende studentekategorieë.

Om fisiese kontak te beperk, het registrasie meestal deur aanlyn selfbediening geskied. Stapsgewyse riglyne is op die Universiteit se toegewyde [registrasiewebblad](#) gepubliseer. Fakulteitsadministrateurs het ook e-posregistrasie bekend gestel vir studente wat bykomende steun nodig gehad het.

Admin A het op 2 Maart vir kliëntediens te geopen. Om COVID-voldoening te verseker, is 'n besprekingstelsel ontwikkel wat die getal besoekers wat op 'n slag toegelaat is, beperk en samedromming in en om die gebou voorkom het.

Die aanvanklike sluitingsdatum vir voorgraadse registrasie was 11 Maart, maar is uitgestel om voorsiening te maak vir voorlopig toegelate studente wat weens pandemieverwante uitdagings en vertraging met NSFAS-finansiering nie betyds kon registreer nie.

Werkstroom 2: Leer en onderrig

Voorsitter: Prof Deresh Ramjugernath

Aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA) het met die aanvang van klasse op 15 Maart begin. Aangesien nie alle lokale gereed was sodat studente op kampus aanlyn klasse kon bywoon nie, is data vir April beskikbaar gestel om studente by te staan met klasbywoning op MS Teams, wat – in teenstelling met SUNLearn – nie sonder data gebruik kan word nie.

'n [Gedragkode](#) vir studente wat na kampus toe kom, is opgestel en versprei. Meer spesifieke reëlings is soos volg:

- Die akademiese jaar het met 'n beperkte hoeveelheid kontakonderrig begin om aan vlak 1-bepenkings en die hoëronderwysdirektief van 2020 te voldoen. Indien beperkings op ruimtebenutting verslap word, is die voorneme om kontakonderrig-en-leer in alle programme stelselmatig uit te brei.
- Formele module-assesserings is as fisiese eksamens onder toesig geskeduleer, waarvoor studente op kampus moet wees.
- Hoewel dosente aangemoedig is om nie studente te straf wat kontaksessies misloop nie, beskik die Universiteit nie oor die hulpbronne om bykomende intervensies beskikbaar te stel vir studente wat nie op Stellenbosch is nie.

Werkstroom 3: Personeel (menslike hulpbronne, gesondheid en welstand)

Voorsitter: Prof Nico Koopman

Met die verskuiwing na ARTLA moet sowel akademiese as professionele en administratiewe steundienste- (PASD-) **personeel in groter getalle na ons kampusse terugkeer**. Lynbestuurders het met personeel oor hulle terugkeer na die kantoor geskakel, welke proses ingevolge die regering se [gesondheid-en-veiligheidsdirektiewe](#) (Oktober 2020) bestuur word. Hierdie direktiewe maak ook voorsiening vir 'n prosedure [ingeval 'n werknemer sou weier om na die werkplek terug te keer](#). Intussen werk die huidige hibriediese werkreëlings goed.

Bygewerkte verlofreëlings is op 26 Maart aan personeellede oorgedra ([klik hier](#)). Kortom sal personeellede oorblywende verlof uit die siklus van 2019 verbeur indien dit nie voor die einde van Julie 2021 benut word nie, terwyl onbenutte verlof uit die siklus van 2020 teen die einde van Desember 2021 sal verval. Lynbestuurders is aangemoedig om te sorg dat personeellede op geskikte tye verlof neem om hul gesondheid en welstand te beskerm.

Werkstroom 4: Kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge

Voorsitter: Prof Hester Klopper

Kommunikasie-inisiatiewe om COVID-19-bewustheid onder die kampusgemeenskap en eksterne belanghebbendes te skep en te handhaaf, is verder uitgebrei.

- Die COVID-19-bewusmakingsgereedskapstel, wat deur die US se Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking saamgestel is, is in vyf uitgawes van die elektroniese personeelnuusbrieff, info@stellenboschuni, bemark, en het 1 682 klikke op die verskillende skakels aangeteken. Altesaam 138 plakkate is teen lamppe aangebring en 155 is onder koshuise versprei, terwyl etlike bykomende versoeke vir die druk van materiaal in die gereedskapstel ontvang is. Die inligting word ook digitaal in onder meer die US Biblioteek en Museum vertoon.
- Daaglikse plasings oor COVID-19 het onder die hutsmerk #backtocampus op die US se sosialemediaplatforms (Facebook, Instagram en Twitter) verskyn. Te oordeel na die syfers het dit 'n wye gehoor bereik en goeie deelname tot gevolg gehad.
- Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking het die US se eie COVID-19-[statistiekwebblad](#) ontwikkel, wat die jongste infeksiesyfers vir personelede en studente bevat. Die data word saamgestel uit inligting van die Kampusgesondheidsdiens (KGD) op alle US-kampusse, sowel as inligting wat plaaslike owerhede voorsien. Die blad bevat ook 'n skakel na die gesaghebbende SA COVID-19-modelleringskonsortium (SACMC) se Epidemic Explorer-webtuiste.

Werkstroom 5: Kampusbedrywighede

Voorsitter: Me Nicolette van den Eijkel

Protokolle wat in werking gestel is om te sorg dat werk-, onderrig- en leerruimtes veilig is vir personeel en studente werk goed. Geen vername verspreidingsvoorvalle op kampus is aangemeld nie. Die situasie word dopgehou en skakeling met US-omgewings duur voort. Kommer is uitgespreek oor samedromming in geboue in eksamentyd, en fakulteite en die Eksamenkantoor is versoek om dit te hanteer.

Die protokolle vir lokaal- en geleentheidsbesprekings is suksesvol geïmplementeer. Hoewel studente en studenteverenigings tot dusver vanjaar met oor die 40 aansoeke vir die aanbieding van vergaderings en geleentheids bygestaan is, bly die US waaksaam vir die risiko van superverspreidingsgeleentheids.

Onder risikovol 1 het alle skoonmaak-aktiwiteite op kampusse terugkeer na wat dit voor die inperking was. Nietemin word sekere daaglikse skoonmaaktake meer gereeld verrig (vier keer per dag, met streng rekordhouding) om te sorg dat hoëgebruikareas en -items ontsmet en afgevee word.

Protokolle in koshuise, onder meer dié vir isolasie, werk goed, en geen kommerwekkende voorvalle is aangemeld nie. Koshuise se WiFi-netwerke is onder druk, maar die Universiteit werk daaraan om vermoë uit te brei en die netwerke met ononderbroke kragtoevoer te rugsteun.

Om die kampusgemeenskap se voldoening aan maskervereistes te monitor en hulle na reiniger- en maskerstasies te beduie, is sowat 60 studente as COVID-veiligheidsambassadeurs gewerf. Hulle is maklik uitkenbaar aan hulle [groen keppe en baadjies](#).

Werkstroom 6: Finansies en regsangeleenthede

Voorsitter: Mnr Manie Lombard

Die US se finansies word in hierdie buitengewone tyd noukeurig dopgehou, en die bestuur is tevrede dat die maatreëls wat tot dusver getref is voldoende is om die Universiteit se finansiële volhoubaarheid oor 'n beplanningshorison van ses jaar te verseker.

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het op 29 Maart die [nasionale raamwerk en kriteria vir die bestuur van die akademiese jaar 2021 by openbare en privaat](#)

[hoëronderwysinstellings](#) uitgereik. Regsdienste se Voldoeningskantoor het gevolglik 'n adviesnota opgestel om die IKBV die impak van die nuwe direktiewe op die US te help verstaan, sowel as 'n verdere nota oor die implikasies van die bygewerkte vlak 1-regulasies vir studente en personeel se terugkeer na die kampus én vir algemene bedryfsake. In die verslagtydperk alleen is 159 COVID-19-regulasiebywerkings vir die IKBV opgestel en onder verskeie belanghebbendes versprei.

Die US se versekeraars verwerk tans die Universiteit (en ander tersiêre instellings) se **eise vir pandemieverwante bedryfsonderbrekings**. Die maksimum dekking vir hierdie eise is R5 miljoen per instelling.

Wat **finansiële volhoubaarheid** betref, word kontantvloeivooruitskattings steeds op 'n daaglikse, maandelikse en jaarlikse grondslag hanteer namate nuwe inligting beskikbaar kom. Die bestuur is tevrede dat die maatreëls wat tot dusver getref is voldoende is om die US se finansiële volhoubaarheid oor 'n beplanningshorison van ses jaar te verseker.

Werkstroom 7: Navorsing/Mediese Advieskomitee

Voorsitter: Prof Eugene Cloete

Die navorsingswerkstroom doen steeds by die gebeurlikheidsfonds aansoek om nagraadse databondels (op aanvraag) en noodbystand vir navorsingskontrakte. Daarbenewens het **prof Eugene Cloete**, werkstroomvoorsitter en Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, finansiering goedgekeur vir 'n [afvalwaternavorsingsprojek](#) om die aanwesigheid van ribonukleïensuur (RNS) in kampusafvalwater te bepaal, wat 'n nuwe uitbreking van die virus kan help voorspel en die probleemarea kan uitwys. **Proff Wolfgang Preiser** (Geneeskundige Virologie) en **Gideon Wolfaardt** (Mikrobiologie) lei dié navorsing.

Die Mediese Advieskomitee het 'n aantal protokolle opgestel om die stryd teen COVID-19 te ondersteun. Dít sluit in 'n protokol om [die verskil tussen, en reëlins vir, kwarantyn en isolasie](#) aan personeellede en studente te verduidelik, 'n protokol met riglyne vir [self-isolasie](#), en 'n [algemene inligtingsdokument](#) oor die verspreiding van COVID-19. Die komitee het dosente boonop aangeraai om maskers eerder as gesigskerms te dra wanneer hulle kontakklasse aanbied.

1.2 COVID-19 by die US

COVID-19-tendense by die US in die eerste vyf maande van die jaar het met nasionale en streekstendense gestrook. Hoewel daar hier en daar brandpunte was (Metanoia, Huis Visser en die Joernalistiekklas), is daar geen teken van beduidende 'klusteruitbrekings' nie. Die COVID-19-protokolle in koshuise blyk goed te werk.

Die goeie werksverhouding tussen die Kampusgesondheidsdiens (KGD) en Stellenbosch-hospitaal sorg ook dat akkurate syfers weekliks by die Universiteitsbestuur aangemeld word. Die daaglikse verslag van die hospitaal sluit die uitslae en kontakbesonderhede van studente en personeel in wat by alle toetsentrums op Stellenbosch getoets is, en maak dit vir KGD-personeel moontlik om vroegtydig met kontakopsporing te begin. KGD gaan ook voort om Stellenbosch-hospitaal met sifting en kontakopsporing te help, nie net om die las op hospitaalpersoneel te verlig nie, maar ook om kontakopsporing in die kampusgemeenskap te bespoedig.

KGD-personeel het opleiding ontvang om met die inwerkingstelling van die nasionale inentingsprogram te help. Alle KGD-personeel het as deel van die Wes-Kaapse en landwyse veldtog vir gesondheidsorgwerkers vroeë inentings ontvang.

Die nodige COVID-19-protokolle is deur die hele verwelkomingstydperk gevolg en daar was geen superverspreidiergeleenthede nie. Waar positiewe gevalle wél voorgekom het, het koshuishoofde en studenteiers flink opgetree en met die KGD en personeellede van Behuisingsdienste saamgewerk

om te keer dat die virus verder versprei. Die getal COVID-19-gevalle in koshuise is op die oomblik stabiel, en protokolle word gevolg.

COVID-19-webtuiste: Die [COVID-19-webtuiste](#) is geskep om as 'n sentrale platform vir alle pandemieverwante inhoud te dien. Hier kry verskeie US-belanghebbendes betroubare inligting en kan alle amptelike US-mededelings oor COVID-sake boonop bekom word. 'n Skakel na die webtuiste word by verskeie ander vorme van kommunikasie ingesluit.

Die Engelse weergawe van die webtuiste het in die verslagtydperk 6 581 besoekers ontvang, van wie 2 448 nuut was. Die Afrikaanse weergawe het op sy beurt 842 besoekers ontvang, van wie 288 nuut was.

COVID-19-bewusmakingsveldtog: Die sosialemediaveldtog oor die dra van maskers, sosiale distansiëring en handontsmetting duur voort. Plakkate is ook langs die vernaamste studenteroetes op kampus sowel as in koshuise opgesit. Daarbenewens is 'n gereedskapstel om verdere plakkate te druk onder personeellede versprei.

1.3 US in die nuus (23 Feb–24 Mei 2021)

(Alle items in **blou** en **rooi** hieronder bevat hiperskakels; klik gerus om toegang te verkry.)

Volgens die datastel van mediamoniteringsagentskap PEAR het die Universiteit in die oorsigtydperk sy **goeie mediavertoning** voortgesit. Nes in Januarie en Februarie, het die US in Maart en April wéér die tweede meeste algemene nuusbrokkies van alle Suid-Afrikaanse universiteite opgelewer.

Wat die subkategorie “Navorsing en innovasie” betref, het die US tweede geëindig in Maart en vierde in April.

Ten opsigte van **fakulteitsverwante** dekking was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in Maart steeds aan die voorpunt wat algehele volume betref, met Regsgeleerdheid in die eerste plek in April.

Ons kenners het ook voortgegaan om die media van waardevolle inhoud en kommentaar oor **COVID-19** te voorsien, en het sodoende die Universiteit se reputasie as 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig.

Onder die verskeie **institusionele aangeleenthede** wat in die nuus was, was die onthulling van 'n **nuwe logo vir die Universiteit Stellenbosch** (*Die Burger*, IOL, *Cape Argus*, *Yiba*); die skokkende **afsterwe van SR-lid me Nomzamo Buthlezi** (*Cape Times*, Heart FM, *Times Live*, *Daily Sun*); die **verwelkoming van ons nuwelingsstudente** (*Cape Times*, *Daily Maverick*, *Die Matie*) en Admin B wat die **eerste energieprestasiesertifikaat (EPS) ontvang het vir 'n gebou in Suid-Afrika** ingevolge die nuwe Energiewet (*Die Burger*, *Sparks Electrical News*, *RACA Journal*, *Engineering News*).

Ook die **US se aankondiging van sy nuwe Skool vir Klimaatstudie** het heelwat media-aandag ontvang (*Cape Argus*, *Engineering News*, *Netwerk24*, *CNBC*, *Radio 702*, *Cape Talk*, *RSG*). Daarbenewens is daar wyd berig oor die bekendstelling van die **dokumentversameling oor die nasionale skuldskrisis van 1985/86** wat aan die US Biblioteek geskenk is (*Daily Maverick*, *RSG*, *Die Burger*).

Die Universiteit se **mediaverklarings** is steeds 'n belangrike bron van publisiteit vir die instelling:

- **Ultramoderne simulatie-eenheid bevorder gesondheidswetenskappe-onderdig by die US** (*Die Burger*, *SABC3*, *SABC2*, *Channel Africa*, *SABCNews*)
- **Wêreldgehalte-platform vir Wingerdopleiding en -navorsing bekendgestel** (*Farmer's Weekly*, *RSG*, *Radio Helderberg*, *Matie Media*)
- **Koringstrooi, mangoskille kan vir hernubare voedselverpakking gebruik word** (*Cape Argus*, *Cape Times*, *Landbouweekblad*, *SA Food Review*, *Engineering News*)
- **Selfs bioafbreekbare sigaretstompies het onbedoelde negatiewe uitwerking op die omgewing** (*Landbouweekblad*, *eNCA*, *Cape Talk*)

- **US-navorsers herbedink behuising ná COVID-19 met 'terugkeer na die kraal'** (Sowetan Live, Times Live, SAfrica24, Business Insider, Bizcommunity)
- **Aflandige windenergie kan SA se elektrisiteitskorte help verlig** (Cape Argus, The Mercury, Engineering News, eNCA, HeartFM, Cape Talk, Business Tech, Business Insider, Engineering News)
- **Projek maak COVID-19-inligting toegankliker vir dowe gemeenskap** (*Die Burger*, *The Witness*, *Worcester Standard*, IOL)
- **Gryswater: hoekom dit nie so slim is om jou tuin met wasgoedwater nat te lei nie** (*Cape Times*, SmileFM, Times Live, IOL, Cape Talk, Business Insider)
- **Kreatiewe gebruik van ruimtes in skole kan prestasie aanhelp** (*Die Burger*, *Eikestadnuus*, *The Newspaper*, IOL, Yiba)
- **Gebruik mense digitale media werklik soveel as wat hulle dink?** (*Daily Dispatch*, Smile, Yiba, Times Live, Techsmart)
- **Maties wat Afrikaans studeer, help leerders met leesvaardighede** (*Eikestadnuus*, *The Newspaper*, IOL)

Die US se Taalbeleid, die hersiening daarvan en die toepassing van die beleid in sekere koshuise was 'n gewilde media-onderwerp. Die Universiteit se verklarings en artikels oor die saak het die volgende ingesluit (met skakels na bepaalde mediaberigte bygevoeg):

- **US-taalbeleid word in 2021 hersien** (Cape Argus, RSG)
- **Kommer oor taal by die US: hier is die feite** (Cape Times, Politicsweb, Die Burger, Rapport)
- **Senaat keur beperkte afwyking van taalimplementeringsplanne goed** (Beeld)
- **Maties bly verbind tot inklusiewe meertaligheid** (News24, Inside Education, *Daily Maverick*, Politicsweb)
- **Universiteit Stellenbosch ontvang memorandum van DAK Netwerk** (*Eikestadnuus*, News24, *Citizen*, IOL, SABC News, RSG, kykNET, CCFM)
- **Groter toegang en 'n beter toekoms danksy US-benadering tot taal, sê rektor by SAMRK-verhoor** (Politicsweb, News24, *Die Burger*)

Van die ander nuusitems met betrekking tot die Taalbeleidproses was soos volg:

- Die ope brief van die Departement Afrikaans en Nederlands (*Die Burger*)
- Die US wat die geleentheid verwelkom om met die Menseregtekommissie in gesprek te tree (*Die Burger*)
- Digter Breyten Beytenbach se voorlegging aan PEN Afrikaans (*Die Burger*)
- 'n Meningsartikel deur historikus prof Hermann Giliomee (*Rapport*)
- Die reaksie op 'n Raadsvoorlegging deur die US se Taalkommunikasiekomitee (*Die Burger*)
- 'n Meningsartikel deur politieke ontleder Jan-Jan Joubert (*Die Burger*)
- Die reaksie deur prof Wannie Carstens en dr Conrad Steenkamp, onderskeidelik voormalige raadslid en huidige uitvoerende hoof van die Afrikaanse Taalraad (*Die Burger*)

Denkleierskap: Ons akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir [The Conversation](#) te skryf. Altesaam 22 van ons bydraers het in die verslagtydperk 14 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik net meer as 284 000 keer gelees is.

Menslike kapitaal: Volgens PEAR se mediamonitoring van individue by die US het 339 mediabrokkies in Maart en 328 in April na die Universiteit se menslike kapitaal verwys. Dít word as 'n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie "Navorsing en innovasie".

Boonop het personeel en studente van die US weer 'n groot getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** opgelewer (sien **BYLAAG**). Die Mediakantoor het ook die media van **kennerslyste** voorsien om kommentaar te lewer oor Menseregtedag (21 Maart), Wêreldingenieursdag (4 Maart), Wêrelddag vir Kreatiwiteit en Innovasie (21 April) (**RSG; News24**) en Vryheidsdag (27 April).

1.4 Nuwe struktuur vir kwessiekommunikasie

Die US se standpunt oor aktuele kwessies soos 'ras', geslagsgebaseerde geweld en taal ontvang gereeld wye mediadekking. Om op hierdie kwessies kommentaar te lewer vereis egter tydige en weloorwoë reaksies, en kan verreikende gevolge vir die Universiteit se reputasie en die integriteit van institusionele prosesse inhou. Verskillende narratiewe word dikwels gelyktydig in sowel die tradisionele as sosiale media aangebied, wat duidelike en toegespitste kommunikasiebestuur verg om onakkuraathede reg te stel en reputasieskade te verhoed.

So byvoorbeeld is die kwessie van taal, en in die besonder Afrikaans, by die US voortdurend in die nuus sedert Maart, toe die hersiening van die Universiteit se Taalbeleid 'n openbare gesprekspunt geword het. Om dit te hanteer, het die verantwoordelikhedsentrum (VS) Strategie en Internasionalisering onder leiding van prof Hester Klopper 'n struktuur geskep om kwessiegebaseerde en bestuurskommunikasie te koördineer. Dit sal eenstemmigheid in die US se kernboodskappe verseker, en sorg dat die US doeltreffend reageer om die mediadiskoers te help bepaal.

Wat die organisatoriese posisionering van die struktuur betref, sal die US se mediabestuurder, bestuurskommunikasiespesialis en die direkteur van Kommunikasie (na gelang van die geval) direk aan die Viserektor: Strategie en Internasionalisering verslag doen om dringende kommunikasie te bespoedig. Om konsekwentheid te verseker, sal hierdie rolle egter deel bly van die bestuurspan van die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking.

Om verdere kommunikasie oor die hersiening van die Taalbeleid te bestuur, is 'n **Taalkommunikasiekomitee** saamgestel om kommentaar en strategiese leiding te voorsien. Gepubliseerde artikels en sosialemediakommentaar oor die kwessie word ontleed om die algemene gevoel en temas in die media te bepaal, wat as grondslag vir proaktiewe US-artikels sal dien.

Die hantering van kommunikasie oor taal by die US sal as 'n proefprojek dien om verder aan die nuwe struktuur te skaaf.

1.5 Voorlegging aan SA Menseregtekommissie

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) is besig met 'n ondersoek na bewerings van 'n verbod op die gebruik van Afrikaans by die US. 'n Eerste verhoor het op 10 Mei by STIAS plaasgevind.

Ek het gedurende die verhoor benadruk dat enige suggestie dat studente oor die hele kampus heen ingevolge Universiteitsbeleid verbied is om in Afrikaans te kommunikeer, onwaar is. Daar is geen verbod op Afrikaans by die US nie. Dit is nié ons beleid nie. Die US bevorder meertaligheid om billike toegang uit te brei, 'n inklusiewe kampuskultuur te skep, en studentesukses te ondersteun.

Toe die betrokke bewerings aan die lig gekom het, het ons dit flink begin ondersoek, en opgetree. Ons het deur ons Afdeling Studentesake met studenteleiers en studente in koshuise in gesprek getree, en so ver ons bewus is, is die kwessies bevredigend opgelos. As die bestuur, het ons nietemin ook die Universiteit se eksterne ouditeure opdrag gegee om 'n onafhanklike ondersoek van stapel te stuur. Die bevindinge van die ondersoek behoort binnekort beskikbaar te wees, waarna ons dit by die SAMRK sal indien.

Wes-Kaapse Menseregtekommissaris Chris Nissen, wat as voorsitter van die verhoor opgetree het, het die gesprek met die Universiteitsbestuur as nuttig beskryf.

Vir verdere inligting [klik hier](#). My volledige openingsverklaring by die verhoor is [hier te kry](#).

1.6 Insiggewende nuwe biblioteekversameling

'n Unieke versameling wat die US Biblioteek onlangs bekend gestel het, werp nuwe lig op hoe die oplossing van die Suid-Afrikaanse buitelandse skuldkrisis van 1985/6 die weg berei het vir Nelson Mandela se vrylating en die land se oorgang tot demokrasie. Die versameling was 'n skenking deur sir Claude Hanks (voorheen Hanks-Drielsma) en is amptelik in Mei bekend gestel.

Dit vertel die verhaal van die soewereine skuldkrisis wat Suid-Afrika laat in 1985 op die kruin van apartheid getref het, wat die regering gedwing het om 'n tydelike moratorium op alle korttermynskuldterugbetalings te plaas. Die versameling sluit algemene korrespondensie, koerantknipsels, memorandum, tydlyne van gebeure en vergaderingnotules in.

[Klik hier](#) vir verdere inligting.


1.7 Podsendings en sosiale media

[Talks@StellenboschUni](#), die US se podsendingskanaal, bied luisteraars nou 77 praatjies om van te kies. Luisteraars in 80 lande het tot dusver 11 770 keer na die Universiteit se podsendings geluister.

In die verslagtydperk het Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking ook verskeie opeenvolgende sosialemediaveldtogte aangebied, waaronder:

- **#helloMaties**, om nuwelingsstudente te verwelkom;
- **#BackToCampus**, om studente aan te moedig om COVID-19-veiligheidsprotokolle te gehoorsaam;
- **#SUGrad** vir die Maart-gradeplegtighede; en
- **#chooseSU**, 'n aanlyn veldtog om voornemende studente te ondersteun.

Hoewel alle veldtogte goed gevaar het wat reikwydte betref, het ons #Dreamwalk-plasing en -fotoalbum van die Maart-verwelkomingstydperk beslis uitgestaan (*sien langsaan*). Dit het 'n reikwydte van meer as 29 000 aangeteken, en is sowat 5 000 keer op gereageer, kommentaar gelewer en gedeel.



1.8 Verdieping en uitbreiding van transformasie

Daar was skakeling met die meeste fakulteite se transformasiekomitees. Dit sluit in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid, en Teologie. Skriftelike terugvoer van die fakulteitstransformasiekomitees word aan die einde van die eerste semester verwag.


Boonop is daar 'n gelyklopende proses aan die gang vir die skep van verantwoordelikhedsentrumstransformasiekomitees (VSTK's). Twee vergaderings is in dié verband met verantwoordelikhedsentrumse verteenwoordigers in die Institusionele Transformasiekomitee (ITK) gehou.

Daarbenewens is vanjaar se Siyakhula-opleidingsreeks op 7 Mei bekend gestel met die werksessie "Besin oor die US se institusionele kultuur en transformasie: 'n Blik op wie ons is, waar ons vandaan kom, en waar ons graag wil wees". Die doel was om 'n ruimte te skep vir besinning oor die historiese konteks wat personeellede se ervaring van die US vorm, en om personeel se begrip van die institusionele kultuur te verdiep.

1.9 Sosiale Impak-inisiatiewe

Die Sosiale Impak-finansieringskomitee (SIFK) het in sy eerste finansieringsronde vir 2021 net meer as R2 000 000 vir 19 inisiatiewe in nege fakulteite en een professionele en administratiewe steundienste- (PASD-) omgewing beskikbaar gestel (*sien grafiek regs*). Die komitee was nogeens beïndruk met die diepte van die verskillende fakulteite se sosiale-impak-werk.

Die SIFK gaan voort om aanvangsfinansiering aan inisiatiewe toe te ken. Terselfdertyd word US-omgewings en eksterne vennote aangemoedig om óók finansiering te bewillig omdat dít impak versterk en inisiatiewe volhoubaar help maak.



1.10 Projek vir 'n nuwe US-handelsmerk

Ná omvattende oorlegpleging het wat vroeg in 2019 as 'n handelsmerkopknapping begin het, mettertyd in die ontwerp van 'n algeheel **nuwe handelsmerkidentiteit** vir ons instelling ontwikkel. Die doel was dat die nuwe visuele identiteit die US se Visie 2040 moes weerspieël en die Universiteit se **verbintenis tot transformasie** ondubbelsinnig toon.

In die verslagtydperk is belanghebbendes se kommentaar oorweeg, op grond waarvan drie logovoorstelle verder verbeter is.

Voordat dit op 13 April vir finale goedkeuring aan die Raad voorgelê is, het die vernaamste bevindinge van die oorlegplegingsproses, die drie logomoontlikhede en die US-handelsmerkspan se aanbeveling by die Rektroraat, die Institusionele Forum (IF) en die Senaat gedien.



Die handelsmerkspan se aanbeveling vir die US se toekomstige visuele identiteit was wat bekendstaan as 'n "S-stroomlogo". Hierdie aanbeveling was gegrond op:

- die ontwerpagentskap Boomtown se voorstel, wat met die goedgekeurde US-handelsmerkposisioneringstrategie gestrook het;
- die sterk voorkeur vir die S-stroomlogo wat gedurende die oorlegingsessies en aanlyn meningspeilings uitgespreek is; en
- die kommentaar van bepaalde kernbelangegroepes.

Met die Rektroraat, IF en Senaat se instemming het verdere skaafwerk aan die S-stroomlogo begin. Hiervoor is mnr Iaan Bekker, 'n bekende en gerekende handelsmerkkenner en grafiese ontwerper, se hulp ingeroep. Bekker het onder meer ook Suid-Afrika se landswaapen ontwerp.

Op grond van die Rektroraat, IF en Senaat se aanbevelings het die Raad uiteindelik op 13 April die finale, verbeterde S-stroomlogo goedgekeur (*sien hierbo*).

Nou volg die laaste fases van die handelsmerkproses, wat sal uitloop op 'n amptelike bekendstelling en universiteitswye implementering van die nuwe logo. 'n Omvattende projekplan wat al die elemente bevat om die logo suksesvol regoor die universiteit te implementeer, word tans ontwikkel.

1.11 Stelselvernuwing

SUNFin

Die Rektooraat het goedkeuring verleen dat SUNFin eers in 2022, ná die implementering van SUNStudent, geaktiveer word. Die **aanvanklike teikendatum** van 1 Julie 2021 was **nie haalbaar nie** weens die beperkte beskikbaarheid en vermoë van noodsaaklike Finansies-personeellede, sowel as die wisselwerking met die SUNStudent-projek.

Die projekspan berei tans voor vir 'n derde rondte beoordeling, wat 'n bygewerkte US-datastel sal insluit. Die doel is om soveel moontlik uitstaande kwessies uit te stryk om vertroue te verhoog in die nuwe stelsel se vermoë om in die behoeftes van die Universiteit te voorsien.

Die herrangskikking van Finansies se organisatoriese struktuur en rolle en verantwoordelikhede bly 'n kernfokus vir die Finansies-leierskapsplan. Die aanstelling van die SUNFin-bedryfseienaar, wat as hoof van die SUNFin-steunsentrum sal dien, is tans aan die gang in oorleg met Menslike Hulpbronne.

SUNStudent

Ons nuwe studente-inligtingstelsel, SUNStudent, is op **6 April vir voorgraadse aansoeke geaktiveer**.

Die aansoekproses sluit nou nuttige voorboodskappe, foutboodskappe en riglyne in om aansoekers interaktiewe steun te bied. Volgens aanvanklike terugvoer ervaar aansoekers die platform as toeganklik en gebruikervriendelik. Personeellede van Studentewerwing, Kliëntediens en die Sentrale Aansoekkantoor is ook opgelei om doeltreffende steun te bied.

Informasietegnologie het suksesvol met die verskaffer Serosoft saamgewerk aan funksies soos studentegeld, finansies en koshuisplasingstelsels, sowel as die aanlyn betaalpoort.

Die nuwe, sentrale aanlyn SUNStudent-steunsentrum werk goed. Die sentrum gebruik 'n navraagregisterstelsel waarvolgens eerstelinie-steunpersoneel navrae verder kan verwyf indien hulle dit nie self ten volle kan oplos nie.

Die SUNStudent-beheer Komitee het op 'n gefaseerde benadering tot die aansoekproses vir 2022 besluit. Nagraadse en nadoktorale aansoeke van Suid-Afrikaners en buitelanders, spesiale studenteaansoeke en USB-aansoeke is dus eers op 1 Junie 2021 geaktiveer.

Die aktivering van SUNStudent het bepaalde nuwe bedryfsprosesse vir aansoeke en toelatings bekend gestel om doeltreffendheid te verbeter. Dit sluit die volgende in:

- Die **ondertekende studentekontrak** hoef eers gelaai te word wanneer die student 'n aanbod ontvang. Hierdie verandering het 'n aansienlike positiewe impak op studente se gebruikservaring van die aansoekstelsel gehad.
- Aansoekers word **vir ál drie hulle programkeuses** oorweeg, en kan hul voorkeur aandui indien hulle veelvuldige aanbiedinge ontvang.
- 'n **Samehangende benadering** tot voorwaardelike en finale aanbiedinge vereis nou dat aansoekers by 'n institusionele tydlyn vir die aanvaarding van aanbiedinge hou om fakulteite en programme van akkurate data vir inskrywingsbestuur en -beplanning te voorsien.
- Die **volledige kommunikasierekord** is op die aansoekerportaal beskikbaar, so aansoekers het toegang tot alle amptelike kommunikasie op 'n sentrale platform.


1.12 Kampusvernuwing

Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)

Totale projekbegroting: R1 023 342 000

Fase 2 van die BMNI-projek op ons Tygerbergkampus sluit opknappings aan verdieping 4 en 5 in, en die konstruksie van 'n nuwe aanlegkamer op die dakverdieping van die bestaande FISAN-gebou. Hierdie fase het in November 2020 begin.

Die boustaal en binnehof by die hoofingang vorder goed (*sien foto's hieronder*).



US Biblioteek

Goedgekeurde projekbegroting: R21 136 174

Die opknapping van die US Biblioteek het op 25 Maart 2021 'n aanvang geneem, en sal na verwagting teen Desember klaar wees. Werk behels onder meer die vernuwing van die voorportaalarea, kledkamers, rekenaargebruikerareas en studieruimtes.



Ingenieurswese-kompleks

Opknapping van Siviele Ingenieurswese-gebou, fases 1 en 2

Geskatte konstruksiewaarde: fase 1 – R25 900 000; fase 2 – R140 794 990

Fase 1 – terreinvoorbereiding vir die volledige gebou-opknapping – het begin. Noudat bouplanne goedgekeur is, behoort fase 2 in Junie 'n aanvang te neem en teen die einde van Augustus 2022 klaar te wees.


Die opgeknapte gebou sal insluit 'n nuwe lesingteater met plek vir 450, 'n nuwe studente-area, nuwe lesingsale, opgeknapte en verdigte kantore en oopplanareas, beter geboudienste soos sentrale lugversorging en elektriese en datanetwerke, sowel as algehele voldoening ten opsigte van nooduitgange en algemene sirkulasie.

IT-infrastruktuur vir Ingenieurswese

Geskatte konstruksiewaarde: R12 686 740

Die bou van 'n langtermyn- betroubare veselnetwerkinfrastruktuur sal nie net in Ingenieurswese se huidige behoeftes voorsien deur die Fakulteit se onderrig- en bedryfsvermoë te ondersteun en uit te brei nie, maar maak ook voorsiening vir toekomstige groei. Die infrastruktuur sal alle Ingenieurswese-geboue verbind (*sien vervlegte uitleg hierna*) en die nodige plaasvervangerroetes voorsien.

Die projek, wat uit 85 toegangsluik en nagenoeg 10 km kabel bestaan, het in Februarie 2021 begin, en behoort teen Julie gereed te wees. Konstruksie vir die ondergrondse siviele infrastruktuur is goed op dreef, en data-installering sal binnekort begin. Die kontrakteur vorder flink en het teen die einde van April reeds 60% van alle roetes voltooi.



1.13 Groen kampus

Die US het Aardedag (22 April) gevier met 'n week lange bewustmakingsprogram oor volhoubaarheid. Aktiwiteite het ingesluit die aanlê van nuwe groentetuine by koshuise, 'n webinar oor die herstel van die aarde (vanjaar se Aardedag-tema), die aanplanting van bome by die Ou Hoofgebou, en 'n kykie na die nuwe fotovoltaïese aanleg op die dak van die Neelsie-studentesentrum. (*Op die foto langsaan bewonder SR-voorsitter Xola Njengele die aanleg.*)



Fasiliteitsbestuur was die gasheer vir die week se aktiwiteite en het deelnemers 'n oorsig gebied van die verskeidenheid projekte wat reeds aan die gang is om die US in 'n omgewingsvriendelike universiteit te omskep.

Die US se nuwe Omgewingsvriendelike plan sal vir die volgende vyf jaar die Universiteit se rigspoor wees om ons kampusse selfs meer omgewings- en ekologies vriendelike te maak. Veerkragtiger, groener kampusse sal uiteindelik laer bedryfskoste, minder vrystellings en 'n kleiner koolstofvoetspoor beteken.

1.14 US Botaniese Tuin

Opknappings aan die Botaniese Tuin se vertoon- en kweekfasiliteite is met 'n toekenning uit die Strategiese Fonds bekom. 'n Vertikale tuininstallasie (plantmuur) is in April 2021 aan die agterkant van Varinghuis aangebring. Die installasie sal vir belangrike tentoonstellings gebruik word, die restaurant visueel komplementeer en boonop 'n onooglike gebou langsaan verbloem.

Tuinkurator **Donovan Kirkwood** en sy span sal ook ten minste twee nuwe vertoonbeddings in die gewilde openbare opvoedkundige afdeling van die tuin skep om bedreigde habitats van die Kaapse planteryk ten toon te stel. Die beddings sal die voorkoms en samestelling van bedreigde of krities bedreigde Kaapse ekosisteme naboots, en sal verduidelikende etikette en inligtingsborde insluit.

1.15 Eenheid vir Gestremdhede

Die Eenheid vir Gestremdhede gaan voort om aktiwiteite met die oog op gestremdhedsinsluiting vir studente en personeellede aan te bied.

Die Eenheid het op **16 April** met bewusmakingsessies oor Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) begin. Video's word vir agt weke elke Vrydag uitgereik om kykers bekend te stel aan basiese SAGT-gebare, wat hulle teen hulle eie tempo kan aanleer. Dít volg ná 'n proeflopie gedurende die inperking in 2020, wat op aansienlike belangstelling in SAGT-verwerwing onder studente en personeellede gedui het, sowel as algemene tevredenheid met die aanbiedingsmetode. Intermediêre sessies vir diegene wat verlede jaar na die video's gekyk het, het ook op 10 Mei op Teams begin, en is oop vir personeel én studente.

Daarbenewens word "Lei met Gestremdheid", die Eenheid se eie gestremdhedsbewusmakingsprogram vir studente, nou uitgebrei om studenteleiers in te sluit. Die Studenteraad volg tans die program, en verdere uitbreiding na die res van die studentegemeenskap word vir die tweede semester beplan.

1.16 Bestryding van geslagsgebaseerde geweld

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid maak deel uit van 'n **praktykgemeenskapforum** om uitdagings, idees en suksesse ten opsigte van geslagsgelykheid by universiteite landwyd te bespreek. Die forum, wat uit universiteitsberoepslui en -praktisyns gemoeid met geslagsgelykheid bestaan, is deur die Universiteit van die Witwatersrand aangevoer, en beoog om maniere te ondersoek om geslagsgebaseerde geweld op kampusse landwyd te beëindig. Die groep sal voortaan elke maand ontmoet om oor belangrike kwessies te beraadslaag, saam te werk, en gevallestudies te bespreek ten einde prosesse te verbeter.

1.17 Instrument om self privaathedsimpak te bepaal

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het 'n aanlyn instrument ontwikkel waarmee alle US-personeellede en -studente self die privaathedsimpak kan bepaal van die inligting waarmee hulle werk ([klik hier vir die instrument](#)). Privaathedsimpakbepalings (ook bekend as 'databeskerminingsimpakstudies' of 'persoonlike-inligtingsimpakstudies') is gegrond op wetsvereistes ten opsigte van privaathed, sowel as beste inligting- en databestuurspraktyk.

Die instrument stel navorsers en institusionele proseseienaars in staat om die waarde te bepaal van die persoonlike inligting wat hulle in hulle navorsing of prosesse insamel, gebruik of skep. 'n Begrip van die waarde van inligting maak dit moontlik om meer gepaste kontroles te ontwerp en inligting meer gepas te stoor en beter te beveilig (ook aanlyn). Boonop dien dit as 'n vroeë waarskuwing dat IOB om hulp met die verwerking van hoërwaarde-inligting genader moet word.

TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor 'n transformerende studente-ervaring: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

2.1 Aansoeke en inskrywings 2021

Algehele aansoek- en [inskrywingstendense](#) vir inname 2021 sowel as vir die afgelope vier innamejare (Krygskunde uitgesluit) kan soos volg saamgevat word:

Die US het 'n rekordgetal van **42 407 aansoeke vir 2021 ontvang**, wat op groei van 28,68% oor die afgelope vier innames te staan kom. Nietemin het die getal volledige aansoeke oor dieselfde vier jaar met slegs 10% toegeneem. Minder as die helfte van die aansoekers vir 2021 het volledige aansoeke met alle tersaaklike stawende dokumente daarby ingedien.

Sowat 59,60% van die poel volledige aansoeke vir inname 2021 het teen die einde van Desember 2020 'n voorlopige aanbod ontvang.

Inskrywings het stabiel gebly, met 'n geringe styging van 0,11% sedert 2018.

Sowat 78% van die US se algehele aansoekerpoel vir 2021 was bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)aansoekers. BSIA-aansoekers het ook 60% uitgemaak van die poel volledige aansoeke wat vir 'n voorlopige aanbod oorweeg kon word. Min of meer die helfte (50%) van die voorlopige aanbiedinge wat teen die einde van Desember 2020 gemaak is, was aan BSIA-aansoekers, van wie 38% uiteindelik as nuwelingeerstejaars ingeskryf het.

Totale aansoeke van, volledige aansoeke van én voorlopige aanbiedinge aan swart Afrikaanstudente het die afgelope vier innamejare met onderskeidelik 50%, 27% en 28% toegeneem. Nietemin is die meeste aanbiedinge in dié tydperk aan wit studente gemaak – 'n tendens wat met die getal inskrywings volgens bevolkingsgroep ooreenstem. Inskrywings van bruin studente het oor dieselfde tydperk met 2,8% afgeneem.

2.2 Registrasie 2021

Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking en die kantoor van die Adjunkregistrator op Stellenboschkampus het hul samewerking voortgesit deur die registrasie- en studentegeldwebblad by te werk om nuweling- en terugkerende studente volledige en akkurate inligting oor die registrasieproses, klas- en koshuisgeld, betaalmoontlikhede en NSFAS te bied. Die webtuiste, wat ook 'n aflaaibare registrasiehandleiding insluit, het meer as **185 754 bladbesigtigings** aangeteken.

[Klik hier](#) vir die US se finale registrasiesyfers, soos per Inligtingsoorsigbestuur se inskrywingsverslag vir nuwelingeerstejaars en terugkerende voorgraadse studente in 2021. Die verslag, wat op 29 Maart uitgereik is, bevat ook fakulteit- en ander statistieke. Raadpleeg boonop gerus Inligtingsoorsigbestuur se [webtuiste](#) vir 'n ryke verskeidenheid ander institusionele data.


Die Studenterraad (SR) en die Kantoor vir Studentebestuur het hul jaarlikse nabetragtingsessie oor registrasie saam met die verantwoordelike sentrum van die Registrator, die afdelings Studentesake, Inligtingsoorsigbestuur en Finansies sowel as die Nagraadse Finansieringskantoor gehou. Dit volg na hulle werksessie van November 2020, waar deelnemers saamgewerk het om 'n steunecosisteem vir registrasie te skep.

Die SR het ook 'n suksesvolle RegisterAll-veldtog van stapel gestuur. Altesaam 32 (18 voorgraadse en 14 nagraadse) studente is uiteindelik uit SR-reserwegeld bygestaan om te registreer. Totale bystand van net minder as R250 000 is beskikbaar gestel.

Om registrasie verder te ondersteun, het die SR:

- studente in die werkgroep oor studieskuld verteenwoordig;
- die geldinsamelingsveldtog #Action4Inclusion vir die vereffening van studieskuld ondersteun;
- 40 studente bygestaan om vir 'n leierskapskortkursus van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut in te skryf;
- tydelike huisvesting, koshuisplasing, finansiële bystand en registrasiehulp vir studente help bekom;
- gedurende die studenteprotes met die US-bestuur oorleg gepleeg om na 'n haalbare oplossing vir die betogers se kwessies te soek; en
- met Kliëntediens saamgewerk om gedurende registrasie doeltreffende eersteliniesteun met navrae buite Admin A te voorsien.

2.3 Nagraadse inskrywings




Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het sy jaarlikse oorsig van nagraadse inskrywings op 30 April uitgereik. ([Klik hier](#) vir die volledige verslag.)


Nagraadse inskrywings het met **2,78% toegeneem** van 10 023 in Maart 2019 tot 10 302 in April 2021. Nagraadse inskrywings volgens kwalifikasietipe vir 2019–2021 verskyn in die kolomgrafiek (*langs*), en die verspreiding volgens kwalifikasietipe vir 2021 in die sektordiagram.

'n Vergelyking van nagraadse inskrywings in 2021 en 2020 bring die volgende kerntendense aan die lig:

- Die getal **honneurs- en doktorsale inskrywings** het onderskeidelik met 12,9% en 4,3% **afgeneem**. Die afname in honneursinskrywings was hoofsaaklik weens 'n verskuiwing van HonsBRek na die nuwe Nagraadse Diploma in Rekeningkunde. Terwyl 448 studente in 2020 vir HonsBRek ingeskryf het, het 400 Rekeningkundestudente in 2021 vir die nagraadse diploma geregistreer, en slegs 20 vir die herstruktureerde honneursprogram.
- Nagraadse **diploma- en sertifikaatinskrywings** het met slegs 1,3% gestyg, ondanks die bykomende diploma-inskrywings in Rekeningkunde. Weens die DHOO se herstrukturering van nagraadse Verpleegkunde-diplomas kon geen nuwe inskrywings in 2021 in hierdie programme plaasvind nie.
- **Magisterinskrywings** het met 3,9% toegeneem.



Nagraadse inskrywingstendense volgens bevolkingsgroep is soos volg (en hieronder uitgebeeld):



Die getal **swart Afrikaan-** en **bruin** studente het van 2020 tot 2021 onderskeidelik met 3,8% en 3,6% afgeneem.

- **Indiër-** en **Asiërstudente** het die grootste persentasietoename getoon.
- Wit studente maak minder as die helfte (43,2%) van inskrywings vir **nagraadse diplomas en sertifikate** uit, maar die meerderheid van alle ander tipes nagraadse kwalifikasies.

2.4 Historiese studieskuld

Historiese studieskuld het gedreig om te verhoed dat **568 van ons senior studente** vir die akademiese jaar 2021 registreer.

Die US se taakgroep oor studieskuld is byeengeroep. As deel van dié struktuur het die Studenteraad, die verantwoordelike sentrum van die Registrateur, die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings, die Kantoor Nagraadse Beurse, US Internasionaal en Studentegeld gesamentlik na haalbare oplossings gesoek. Die Universiteit het ook sy steun toegesê aan die veldtog #Action4Inclusion ('n US-studentefinansieringsinisiatief wat akademiese insluiting wil verseker deur die uitstaande studieskuld van studente in nood te vereffen) sowel as verskeie ander inisiatiewe waarvoor Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge as rentmeester optree.

Boonop het die US 'n aansienlike bedrag van sy eie geld vir beurse beskikbaar gestel, wat 'n kernrol gespeel het om die studente uiteindelik in staat te stel om te registreer.

2.5 Ikusasa-finansiële hulpprogram vir studente

Nadat dit in 2018 by die US geïmplementeer is, het die Ikusasa-finansiële hulpprogram vir studente (ISFAP) sy **eerste kohort Stellenbosse BRek-gegraduateerdes** by 'n spesiale geleentheid op 30 April 2021 gevier. Onder die gaste was die ISFAP-programdirekteur en -streeksbestuurder, wat albei van Johannesburg gekom het om die studente te vereer.

ISFAP het tot dusver vanjaar 14 beurse aan US-eerstejaars toegeken, naamlik sewe aan BIng-studente en sewe aan studente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Hierdie getal kan verder toeneem omdat die keuringsproses by die skryf van hierdie verslag nog aan die gang was.

Die US se Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap werk sy aan sy met die ISFAP-kantoor om spesiale inskakelings- en aanvullende steunprogramme vir begunstigdes aan te bied. Dit sluit in die program Universiteitsvaardighede 101 vir ISFAP-eerstejaars, 'n Universele Vaardighede-program vir tweedejaars en 'n graduandiprogram met die oog op begunstigdes van die FVZSI in hulle derde jaar – alles aanlyn as gevolg van die huidige omstandighede.

Daarbenewens het die US se ISFAP-bestuurder, Anne Havemann-Serfontein, as medeaanbieder opgetree van 'n sessie oor geestesgesondheid en holistiese welstand by die eerste praktykgemeenskapsessie vir ISFAP-programbestuurders by 11 instellings landwyd.

2.6 Dell Young Leaders-program

Die **eerste kohort van 100 Dell Young Leaders** is by 'n minibekendstelling op Saterdag 13 Maart by dié beursprogram by die US verwelkom.

Dié program van die Michael & Susan Dell-stigting ondersteun hoëpotensiaalstudente uit benadeelde gemeenskappe tot hulle graduateer, én verder tot in professionele loopbane. Die program

het 'n **honderd beurse** aan voorgraadse eerstejaars by die US toegeken, en sal oor die volgende vyf jaar altesaam 1 000 US-studente uit lae-inkomstehuishoudings ondersteun.

Die Dell Young Leaders-program is geleë in die verantwoordelikhedsentrum van die Registrateur, wat met Alumnibetrekkinge, Studentesake en fakulteite saamwerk om die begunstigdes se studiesukses te ondersteun. Mecia Petersen is as die US se eerste Dell Young Leaders-programbestuurder aangestel, en het op 1 Mei begin.

Benewens die studiebeurs ontvang die studente steun van die programspan totdat hulle gradueer én vir werkplasing of loopbaanverrykende verdere studie. Die steun behels intervensies op vier gebiede: akademie (vaardigheidswerksessies, advies, verwysing na US-steundienste, tutorleiding), finansies (aanvullende noodfinansiering vir kos, toiletware en handboeke), welstand (mentorskap deur alumni, voorkomende hulpbronne, verwysing na terapeutiese dienste) en ten opsigte van hul loopbaan (werkgereedheidsvaardighede, loopbaanvoorligting, werksoekfinansiering en plasingdienste).

2.7 Verwelkomingsprogram 2021

Weens COVID-19-onsekerhede was dit effens meer gekompliseerd om vir die verwelkoming van vanjaar se nuwelingeerstejaars voor te berei. Beplanning is met risikovlak 3 in gedagte gedoen, maar teen die tyd wat nuwelinge op kampus aangekom het, is die risikovlak tot 1 verlaag.

Van die hoogtepunte van vanjaar se Verwelkomingsprogram was dit volgende:

- 'n **vlagplantseremonie** op Coetzenburgstadion vir nuwelinge en hulle ouers om hulle "aankoms by die US bekend te maak" en hulle kleim op die toekoms af te steek (*boonste foto langsaan*);
- die gewilde **Droomloop**, toe nuwelinge onderdeur 'n banier in Victoriastraat gestap het as 'n simbool van die aanvang van hulle akademiese loopbaan by die US (*onderste foto langsaan*);
- die **30 tente** wat opgeslaan is sodat nuwelinge in die Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)omgewing kon byeenkom sonder om COVID-protokolle te oortree; en
- die **virtuele Vensters**-geleentheid en fakulteitsverwelkoming.



2.8 Studentegedrewe sosiale impak ondersoek

Die Afdeling Sosiale Impak het op 11 Maart 'n aanlyn kollokwium oor studentegedrewe sosiale impak aangebied. Personeel en studente het beraadslaag oor 'n universiteit se rol om studentegedrewe vrywilligergeleenthede vir sosiale impak in die hand te werk. 'n Uiteenlopende verskeidenheid **plaaslike en internasionale inisiatiewe** vir burgerlike studentebetrokkenheid het gedurende die geleentheid ter sprake gekom. Die aanlyn kollokwium het om COVID-redes die tradisionele Sosiale Impak-gemeenskapsoggend vervang.

2.9 Bykomende magister- en doktorsgrade in akademiese jaar 2020

Een van die vele implikasies van die COVID-19-inperking was dat magister- en doktorsale finalejaarstudente wat in Desember 2020 of Maart 2021 moes gradueer, nie die

navorsingskomponent van hulle programme betyds kon voltooi nie (onder meer weens 'n gebrek aan toegang tot databronne). Daarom het die navorsingswerkstroom in 2020 voorgestel dat hierdie kandidate 'n bykomende, uitgestelde indieningsdatum van 1 Maart 2021 gegun word. Die IKBV het hierdie spesiale indieningsdatum goedgekeur en 374 kandidate het die sperdatum gehaal.

Fakulteite het daarná die risiko uitgelig van 'n aansienlik laer subsidie-inkomste omdat minder studente as gewoonlik in 2020 sou afstudeer. Gevolglik is die Registrateur se toestemming bekom om alle uitslae van kandidate wat teen 1 Maart 2021 ingedien het, ook by die finale HEMIS- (Hoëronderwysbestuursinligtingstelsel-)verslag aan die DHOO in te sluit, mits die uitslae teen 14 Mei 2021 beskikbaar was.

Die verantwoordelikhedsentrum van die Registrateur het met die Nagraadse Kantoor, die sentrums vir Institusionele Inligting en Besigheidsintelligensie (in die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur) en die betrokke fakulteite saamgewerk om te sorg dat alle oorsigbestuursprosesse gevolg word om die kandidate se eksamenuitslae goed te keur. Alle doktorsgrade uitslae is aan die UK(S) voorgelê vir goedkeuring namens die Senaat.

Danksy hierdie buitengewone vergunning kon 'n bykomende 105 magister- en 28 doktorsgrade toegeken word. Die graduati sal geleentheid hê om die gradeplegtighede in Desember 2021 by te woon (indien COVID-19 dit toelaat).

Dit beteken dat die US in 2020 altesaam **9 234 kwalifikasies** toegeken het – **die meeste tot nog toe**, en 'n stewige verbetering op die 9 133 van 2019. Uiteindelik is **302 doktorsgrade** en **1 316 magistergrade** in 2020 toegeken.

Die tabel hieronder toon die getal graduati van 2016 tot 2020, volgens kwalifikasietipe, sowel as die groeikoers oor die afgelope jaar en vyf jaar..

	2016	2017	2018	2019	2020	Groeikoers % (2019-2020)	Groeikoers % (2016-2020)
Voorgraads	4 032	4 226	4 283	4 495	4 769	6,1%	18,3%
Diploma/sertifikaat	17	65	34	199	207	4,0%	1117,6%
Baccalaureus (algemeen)	2 502	2 640	2 564	2 605	2 813	8,0%	12,4%
Baccalaureus (professioneel)	1 513	1 521	1 685	1 691	1 749	3,4%	15,6%
Nagraads	4 319	4 822	4 724	4 638	4 465	-3,7%	3,4%
Diploma/sertifikaat	1 195	1 356	1 335	1 283	1 313	2,3%	9,9%
Baccalaureus ¹	81	75	77	91	102	12,1%	25,9%
Honneurs	1 296	1 462	1 487	1 428	1 432	0,3%	10,5%
Magister	1 469	1 624	1 517	1 474	1 316	-10,7%	-10,4%
Doktoraal	278	305	308	362	302	-16,6%	8,6%
Groototaal	8 351	9 048	9 007	9 133	9 234	1,1%	10,6%

1) Nagraadse baccalaureus in LLB.

[Klik hier](#) vir die volledige verslag oor graduati van 2020.

2.10 Grade- en toewydingsplegtighede Maart/April 2021

Nes met die jaareindgradeplegtighede van 2020, is 'n **hibridiese benadering** ook met die herfsplegtighede van 2021 gevolg.

Nege klein kontakplegtighede is aangebied om 133 PhD's en twee eredoktorsgrade (aan die sakevrou [me Louisa Mojela](#) en die wiskundige [prof Daya Reddy](#)) toe te ken. Alle ander kwalifikasies is in aanlyn fakulteitspesifieke plegtighede toegeken, wat tot dusver 26 379 keer gekyk is.

'n Kommunikasieveldtog is in werking gestel om graduandi en gaste van gebruikervriendelike, volledige en akkurate inligting oor alle gradeprosesse te voorsien. Die uitsette van die veldtog was:

- video's van die aanlyn fakulteitspesifieke gradeplegtighede;
- die regstreekse uitsending van die PhD-plegtighede oor die internet, wat oor die **2 400 keer** gekyk is, meestal ná die tyd;
- 'n gestroomlynde gradeplegtighedswebtuiste, wat in **Maart 11 821 besoekers** ontvang het;
- 'n nuusbrieffoor die gradeplegtighede, en 'n gradeplegtighedsuitgawe van nuus@StellenboschUni; en
- 'n reeks gradeplegtighedsartikels op die US se webtuiste, sosialemediakanale en in plaaslike en nasionale media.

Die hibriediese plegtighede is deur die verantwoordelikhedsentrum van die Registrateur in noue samewerking met Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, Alumnibetrekkinge, Fasiliteitsbestuur en ander belanghebbendes gereël. Die Kantoor vir Assessering, Akademiese Rekords en Gradeplegtighede (AARGO) het die verspreiding van gradedokumente vir ons **3 368 Maart-graduati** gekoördineer. In pas met AARGO se nuwe dokumentverspreidingsproses vir alle studente wat in absentia gradueer, het graduati hulle dokumente ontvang binne twee werksdae nadat dit versend is, met die hand afgelewer by hulle deur danksy kostedoeltreffende koerierdienste.

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) se aanlyn voorgraadse toewydingsplegtigheid in Maart is deur die Sentrum vir Studente-administrasie (Tygerbergkampus) in samewerking met die Dekanskantoor en FGGW se Afdeling Bemarking en Kommunikasie gekoördineer. Nege studente het in aanmerking gekom om deel te neem, en het op MS Teams ingeskakel. Die plegtigheid is tot dusver **3 300 keer** gekyk.

2.11 Studentewerwing

Die US se **eerste aanlyn Opedag** op 17 April het amper 24 000 voornemende studente, ouers en onderwysers gelok – **meer as dubbel die getal besoekers** wat onlangse Opedag-kontakgeleenthede bygewoon het. Die geleentheid, wat noodgedwonge na die kuberruim moes verskuif om aan COVID-19-protokolle te voldoen, het gehore van oor die hele wêreld bereik. Deelnemers van Namibië, Zimbabwe, Botswana en Nigerië, en selfs van so ver as die Verenigde State, Nederland, die Verenigde Koninkryk, Duitsland en Frankryk, het ingeskakel.

Om te sorg dat alle leerders toegang het tot die dag, het die Sentrum vir Studentewerwing met **verskeie skole en projekte saamgewerk**. Vennote het ingesluit Kutlwanong ('n organisasie sonder winsoogmerk wat townshipleerders se prestasie in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe wil verbeter) en TRAC (die US se nasionale intervensieprogram in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe). Skole in voorheen benadeelde gebiede, soos LEAP-skole en Hoërskool Sinenjongo, het hul internetgeriewe aan leerders en ouers beskikbaar gestel om toegang tot die Opedag-aktiwiteite te verkry. Dít was landwyd die geval, onder meer by Hoërskool Cofimvaba, die Senior Sekondêre Skool Lutuka en die Sekondêre Skool Little Flower (Oos-Kaap), Hoërskool Madiba (Gauteng), Thistle Grove en Hoërskool Sibongamandla (Mpumalanga), Hoërskool Eric Louw (Limpopo) en Hoërskool Kuruman (Noord-Kaap).

Die Kliëntediensentrum het ook **548 regstreekse kletsessies** met leerders en ouers gehad om hulle die Opedag-webblad te help gebruik en vrae oor US-studieaansoeke, beskikbare finansiering,

loopbaanadvies en studentesteun te beantwoord. Die [Opedagwebblad](#) sal tot die einde van Julie aktief bly.

Sedert aansoeke vir 2022 op 6 April geopen het, het www.maties.com (die webtuiste vir voornemende studente) 'n toename in besoekers beleef. Die platform het in die verslagtydperk **186 582 besoeke** ontvang.

Die Werwingsbeursprojek gaan voort om akademies verdienstelike bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-)kandidate van volkostefinansiering te voorsien. Beursaanbiedinge is fakulteitspesifiek en neem die akademiese samestelling van die aansoekerpoel in ag. Altesaam 165 werwingsbeursbegunstigdes het vir die akademiese jaar 2021 by die US geregistreer.

Die US se span raadgewers en sielkundiges het in die verslagtydperk 63 aanlyn voorligtingsessies en 32 psigometriese assesserings (sowel aanlyn as op kampus) onderneem om voornemende studente met loopbaanadvies by te staan.

2.12 Ontmoetings met skoolhoofde en leerders

Ek en die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies het in die eerste twee weke van Mei die Vrystaat, Noord-Kaap, Klein Karoo en Suid-Kaap besoek, waar ons groepe skoolhoofde onthaal het, elk saam met twee lede van hul verteenwoordigende raad van leerders (VRL). Die gaste was van strategies geïdentifiseerde toevoerskole sowel as nuwemarkskole in **Bloemfontein, Kimberley, Oudtshoorn en George**.

Hierdie ontmoetings was geleentheid om die Universiteit in die skoolmark te posisioneer, en erkenning te verleen aan die belangrike rol wat die skole speel om uitsonderlike akademiese talent vir toelating tot die US se voorgraadse programme te lewer.

'n US-raadgewer het ook 'n aanbieding oor die nuwe SUNStudent-aansoekproses gedoen om die VRL-lede in staat te stel om hulle portuur met US-aansoeke by te staan.

2.13 Aansoektendense vir inname 2022

Aansoeke met die oog op 2022 het op 6 April 2021 op die nuwe SUNStudent-stelsel vir aansoeke en studente-inligting geopen. Teen 30 April was die syfers soos volg:

Aansoekerstatus	Getal
Profiel geskep, en besig om aansoek te voltooi	16 838
Aansoek ingedien, maar sekere inligting nog uitstaande	5 312
Volledige aansoek ingedien, gereed vir oorweging	8 210
Totaal	30 360

Vergeleke met verlede jaar se syfers het volledige aansoeke vanjaar die syfer van die einde van April 2020 met 1 284 **oortref**. Dit is 'n aansienlike prestasie as 'n mens in gedagte hou dat aansoeke teen 30 April 2020 reeds vir twee maande oop was.

2.14 Studentehuisvesting

Die persentasie eerstejaarkoshuisstudente met NSFAS-finansiering het van 2018 (21%) tot 2021 (26%) met vyf persentasiepunte toegeneem, terwyl hulle getalle met 8,13% aangegroei het van 455 tot 492.

Die akkreditasie van **privaat huisvesting** gaan voort. Meer as **4 300 beddens** is tot dusver op Stellenbosch- en Tygerbergkampus geakkrediteer.

2.15 Nuut in ResEd

Die ResEd-program is 'n omvattende inisiatief om **nuwelingeerstejaars** se oorgang van die skool na universiteit te vergemaklik, en hulle **aanpassing** by die diverse, multikulturele US-landskap te ondersteun.

'n Nuwe inisiatief in hierdie verband is die **vermoëbouprogram vir kritiese gespreksforums**. Die program rus huiskomitee lede vir kritiese skakeling en transformasie toe met fasiliteeringsvaardighede om gesprekke aan te bied oor, en 'n gedeelde begrip te help vorm van die transformasie van studenteruimtes.

Daarbenewens het die Studenteraad (SR) en die Transformasiekantoor 'n raadplegende sessie oor die **hersiening van die Taalbeleid** met die studentegemeenskap gehou. Studente kon hier oor hul daaglikse ervarings van die gebruik van taal in akademiese en sosiale ruimtes by die US gesels.

Die aanlyn **Siyakhula-ResEd-sessies** het van 8 tot 10 Maart 2021 plaasgevind. Die drie werksessies het onderskeidelik die onderwerpe van universele toegang en gestremdheid; gender, seksualiteit en die beweging teen geslagsgebaseerde geweld, en sosiokulturele bewustheid aangeroer.

Die doel met die sessie oor sosiokulturele bewustheid in die besonder was om 'n platform te skep waar studente hulle sienings oor hul kulturele en politieke konteks kon verwoord, en kon leer hoe om te kommunikeer **wat hulle van mekaar as Suid-Afrikaners verwag**. Dit het nuwelingstudente met belangrike kommunikasievaardighede toegerus om verhoudings te verbeter, konflik met huis- en kamermaats doeltreffender te besleg, en ruimte te skep om van mekaar te leer.

2.16 Bevordering van individuele en institusionele meertaligheid

Die Taalsentrum se Tolkdienste het in 2020 oorgeslaan na die **vertaling van audiopodsendings** om dosente met noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA) te help. Hierdie inisiatief duur voort: Van Februarie tot die middel van Maart 2021 is 136 podsendings vervaardig. Die Tolkdienste het voorts sy aanpasbaarheid bewys deur op Teams met intydse aanlyn tolking in Afrikaans, Engels, Xhosa en Suid-Afrikaanse Gebaretaal te begin. Sowat **150 tolkure** word sedert die middel van Maart **elke week** gelewer. Die bekendstelling van aanlyn tolking vir die Skool vir Rekeningkunde was ook 'n groot sukses.



Daarbenewens maak die Taalleerhub goeie vordering om **individuele meertaligheid in sosiale en kurrikulêre ruimtes** te ondersteun met hulle kursusse in basiese Afrikaans (*sien foto bo*) en Xhosa.

Die Taalsentrum kon ook 'n positiewe boodskap oor die **waarde van meertaligheid** oordra in hulle interaksies met lede van die koshuis Erica.

2.17 Akademiese en professionele geletterdheid

Die bykans **3 000 studente in ses fakulteite** wat in 2021 die Taalsentrum se modules in **akademiese en professionele geletterdheid** volg, doen dit by wyse van aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA). Die Taalsentrumspan gebruik sedert die aanvang van die akademiese jaar 'n kombinasie van aanlyn en kontakonderrig.

Ook die **Leeslab** het na 'n nuwe benadering oorgeslaan, naamlik ReadTheory. Hierdie aanlyn leesinstrument stel studente in staat om hulle begrip van ingewikkelde tekste stelselmatig te

verbeter, en blyk uiters suksesvol te wees. Boonop bied die Leeslab nou ook LeesSlimWeesSlim-werkessies vir individuele studente aan.

Daarbenewens het die Taalsentrum se Engels-portefeulje met US Internasionaal saamgewerk om **internasionalisering ’n stewige hupstoot te gee**. Dié semester is 278 Franse studente ingeskryf vir modules oor akademiese Engels in sowel aanlyn as kontakvorm. Altesaam 261 van die studente is fisies in Suid-Afrika geleë.

2.18 Module oor gedeelde mensheid

Die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap het ’n pasgemaakte module ontwerp om studente toe te rus om in wisselvallige, onseker, komplekse en onduidelike (“VUCA”-) omstandighede **maatskaplike geregtigheid** te help skep. Die module Gedeelde Mensheid word vir alle studente op tweedejaarsvlak en hoër aangebied, en bestaan uit die volgende sewe sessies, wat elk deur wêreldbekende vakkenners gelei word:

- Konteks in die werklike wêreld (Dr Jess Auerbach, Noordwes-Universiteit)
- Wat is die “hedeverlede” en hoe behoort ons dit te hanteer? (Prof Jonathan Jansen, US)
- Wat is die menslike vraagstukke van kunsmatige intelligensie? (Dr Mpho Tshivhase, Universiteit van Pretoria)
- Wat leer vorige pandemies ons oor huidige en toekomstige pandemies? (Prof Howard Phillips, Universiteit van Kaapstad)
- Kan die reg sosiale geregtigheid teweegbring? (Prof Thuli Madonsela, US)
- Die politiek van ruimte en plek (Prof Elmarie Costandius, US)
- Ubuntu – ek is, want jy is (Prof Jonathan Jansen)

Altesaam **118 studente van ál tien US-fakulteite** neem deel aan die module, wat op 10 April begin het en tot die middel van September sal duur.

’n Innoverende kenmerk is die gebruik van leerafrigters, wat in die kuns van intuïtiewe luister en kragtige ondervraging opgelei is. Die afrigters bied leerkringe gedurende én tussen sessies aan, en dra sodoende tot deelnemers se ontwikkeling en groei by.

2.19 Tweede transformasieberaad vir studente

As deel van sy pogings om ’n transformerende US te help skep, het die Afdeling Studentesake op **15 April** ’n transformasieberaad vir studente op MS Teams aangebied. Die jaarlikse beraad is in 2020 ingestel.

Vanjaar se geleentheid het die soeklig gewerp op die verskillende transformasiekwessies daaglik op die verskillende US-kampusse. Lede van die Studenteraad, die beweging teen geslagsgebaseerde geweld en ander studenteleiers het beraadslaag oor wat transformasie vir hulle beteken. Uitdagings soos die finansiële uitsluiting van studente, die euwel van geslagsgebaseerde geweld, en die vereiste dat studente in belangrike transformasiebesluite by die Universiteit geken moet word, is ook aangeroer.

Die program het onder meer bydraes ingesluit van **prof Deresh Ramjugernath**, die US se nuwe Viserektor: Leer en Onderrig, sowel as **dr Zethu Mkhize**, nuwe hoof van ons Transformasiekantoor, wat gesels het oor studentesakepraktisyns se rol op die US se transformasiereis.

2.20 FVZS Instituut vier tien jaar

Om die tiende bestaansjaar van die Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut te vier, het die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap op 29 Maart 'n spesiale aflewering van die Frederik Van Zyl Slabbert-gedenklesing aangebied.

Die jaarlikse lesing, wat met finansiële bystand van die Konrad Adenauer-stigting aangebied word, skep 'n platform vir die US se studenteleiers, akademië en die algemene Suid-Afrikaanse en internasionale gemeenskap om huidige Suid-Afrikaanse politieke en staatsbestuurskwessies krities te bespreek.

Die tema vir vanjaar se mylpaalgeleentheid was

“Kiesreghervorming: Hoe demokratiese

responsiwiteit verantwoordelike regering fasiliteer”, ter erkenning van die belangrike werk wat wyle dr Slabbert gedoen het om die kiesstelsel te hervorm. Die gasspreker was die voormalige hooggeregshofregter Dennis Davis (*foto regs onder*). Ander paneellede was mnr Ebrahim Fakir van die Auwal Instituut vir Sosio-ekonomiese Navorsing (*links onder*) en die Duitse regter Rudolf Mellinghoff (*middel onder*).

Die program is gelei deur me Heidi October (*bo links*) en mnr Spurgeon-Haddon Wilson (*bo regs*), en gemodereer deur me Kristan Sharpley (*bo middel*), almal van die FVZS Instituut.

[Klik hier](#) vir 'n kort oorsig van die FVZS Instituut se aktiwiteite die afgelope dekade, en [hier](#) om na die gedenklesing te kyk.



2.21 Veldtog vir MIV-toetsing en welwees

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het met die Tygerbergstudenteraad en Sonke Gender Justice saamgewerk om van 15 tot 18 Maart 'n veldtog vir MIV-toetsing en welwees in die **Tygerbergstudentesentrum** aan te bied. Altesaam 165 Tygerbergstudente is vir bloeddrukprobleme, diabetes, sifilis, MIV en tuberkulose (TB) gesif. Gratis kondome, swangerskaptoetse en brosjures oor seksuele gesondheid en welwees is ook uitgedeel.

2.22 Geestesgesondheid van studente

Die **COVID-19-pandemie** het 'n besliste impak op studente se geestesgesondheid. Al hoe meer kliënte wat by die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) aanklop, veral eerste- en tweedejaarstudente, kla van **eensaamheid en afsondering**, hoewel baie van hulle in US-koshuise tuisgaan. Studente koppel dít daaraan dat koshuise nie tans enige besoekers toelaat nie.

Studente wat **akademiese bystand** versoek, neem ook geleidelik toe. 'n Aansienlike getal van hierdie studente ondervind uitdagings met die aanlynleercomponent van aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA). Hulle verkies oor die algemeen meer regstreekse interaksie en minder lees- en videostromingsaktiwiteite.

Diegene wat akademiese bystand verlang, meld ook hoë angsvlakke en 'n gebrek aan motivering aan. Vir baie hou dít verband met die akademiese uitdagings van 2020 en die moontlike domino-effek op die HEMIS-vereistes vir koshuisplasing en registrasie in 2022. Studente blyk ook **gefrustreerd** te wees met die COVID-19-verwante rompslomp om vir studiedoeleindes toegang tot die biblioteek en ander areas te kry.

2.23 Beter veiligheid vir studente wat veldwerk doen

Die akademiese programme van baie US-fakulteite en -departemente sluit 'n verpligte veldwerkkomponent in. Nietemin slaan kapers en ander misdadigers van tyd tot tyd op studente en personeellede toe terwyl hulle na veldwerkkerreine op pad is.

'n **Nuwe protokol** wat gesamentlik deur 'n aantal US-omgewings opgestel is (waaronder die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Vervoerdienste, Risikobestuur, Kampussekuriteit en Studentesake), beoog om studente en personeel se veiligheid gedurende veldwerk te verbeter. Die protokol sluit in die uitruil van inligting oor hoërisikogebiede, beste praktyke om risikoblootstelling op pad te beperk, sowel as stappe indien 'n voorval sou plaasvind.

2.24 Koshuiskos kook!

Om koshuisspysenieringsdienste gedurende die inperking van 2020 te bestuur was 'n uitdaging. Slegs vier kombuise was oop, met beperkte personeellede aan diens. Hierdie kombuise het alle koshuise bedien waar studente in daardie tyd tuisgegaan het.

Nietemin is alle koshuise sedert die aanvang van die akademiese jaar 2021 weer aan die gang. Streng COVID-19-gesondheid-en-veiligheidsprotokolle word vir kosvoorbereiding en -bediening gevolg.


Dagbreek spog met 'n ten volle opgeknapte kombuis. Die fasiliteit is tans die **grootste** by die US en bedien sowel Dagbreek as Majuba, met ruimte vir verdere uitbreiding in die toekoms. Die opknapping maak deel uit van 'n langertermynstrategie om minder voorbereidingskombuise te bedryf ten einde oorhoofse koste te verlaag. Voor die Dagbreek-kombuisopknapping het Goldfields 'n nuwe kombuis en eetsaal gekry.

2.25 Maties Sport

E-sport

Altesaam **127 spelers** het deelgeneem aan 'n aanlyn videospeletjie-uitdaging vir skaak en uitgesoekte e-sport wat Maties Sport oor twee naweke in April aangebied het.

Die skaakkragmeting was 'n spangebaseerde blitstoernooi en is regstreeks oor die internet uitgesaai. Die Coetzenburg Bishops (Corné Briedenhan, Andrew Bartoli, Reece Frye en Aaron Saaiman) het as wenners uit die stryd getree.




Die e-sportkompetisies, wat deur Puma geborg is, het uit twee individuele toernooie vir die videospeletjies *FIFA 21* en *Counter-Strike: Global Offensive* bestaan, sowel as 'n spangebaseerde vertoonwedstryd vir *League of Legends*. Die wenners van die twee individuele toernooie was Abbas Sunday (*FIFA 21*) en Tiago Gonsalves (*Counter-Strike*).

Maties-para-atlete blink uit

Maties Parasport het **12 atlete gestuur** om van 15 tot 17 April aan die para-items van Atletiek Suid-Afrika se nasionale kampioenskapstoernooi in Pretoria deel te neem.

Ons atlete het uit die staanspoor geskitter. In gewigstoot het Kerwin Noemdo (F47) die staalbal 15,2 m deur die lug laat trek, na aan sy eie Suid-Afrikaanse rekord. Joshua van Staden (F41) (*op foto langsaan saam met afrigter Daniel Damon*) het 'n persoonlike beste en 'n Suid-Afrikaanse rekord in sowel die spiesgooi as gewigstoot gegooi, met afstande van onderskeidelik 24,31 m en 7,48 m.



Naelloper Charl du Toit (T37) (*regs op foto langsaan*) het in die 100 m, 200 m en 400 m van die wêreld se beste tye tot dusver dié jaar aangeteken, en spanmaat Dyan Buis (T38) het derde gekom in die 100 m. Visueel gestremde naelloper Daniel Briers-Louw (T12) (*links op foto langsaan*) het deelgeneem aan die 200 m en 400 m, waarin hy 'n persoonlike beste aangeteken het.

Swemmer Christian Sadie (S7) het besonder goed gevaar by Swem Suid-Afrika se nasionale kampioenskapstoernooi deur in die 100 m-rugslag, 50 m-vryslag én vlinderslag vir die Paralimpiese Spele in Tokio te kwalifiseer. Hy het die kragmeting in styl afgesluit toe hy die 200 m- individuele wisselslag ruim binne die A-kwalifiserende tyd vir die Paralimpiese Spele voltooi en in die eindronde daarna sy eie Afrikarekord met 'n tyd van 2:35,70 oortref het.

Wedstryddeelname vir Suid-Afrika, Olimpiese proewe en groot kontrakte

Agt spelers van Maties Waterpolo het tot die finale Olimpiese proewe deurgedring. Hulle is Lwazi Madi (kaptein), Keegan Clark, Jason Evezard, Ross Stone, Cameron Laurenson, James Hablutzel, Hannah Calvert en Anna Thornton-Dibb.




In die binnenshuise Afrikanasiesbeker-hokkietoernooi wat in April in Durban gehou is, het Maties Hokkie drie spelers op die baan gehad (*linksom van links*): Jaime Southgate (SA Vroue), Aiden Tun (SA Mans) en Dure Boshoff (Namibiese Vroue). Dit was Jaime se 50ste binnenshuise hokkiewedstryd vir Suid-Afrika.



In krieketnuus het Ruan Terblanche, 'n studente-atleet in sy eerste jaar (BSc Menslike Lewenswetenskappe), 'n provinsiale kontrak met Krieket Boland gesluit. Boonop woon Maties Krieket se Nicholas Keevy, ook in sy eerste jaar (BRek), tans die Suid-Afrikaanse kwalifiserende Wêreldbekerkamp vir onder-19's in Pretoria by, waar hy sy plek in die Internasionale Krieketraad se Wêreldbeker vir onder-19's in 2022 probeer verseker.

Atletiek Suid-Afrika- (ASA-)kampioenskapstoernooi

Maties-atlete het hulle goed van hulle taak gekwyt by die junior en senior ASA-kampioenskapstoernooie in onderskeidelik die Paarl en Pretoria. Hulle het in die verspring, 2 000 m, paalspring, hoogspring, spiesgooi, tienkamp, 200 m én 1 500 m op die podium gepryk. So byvoorbeeld het Justine Palframan (*regs*) goud gewen in die 200 m; Jesse Perez is huis toe met 'n silwer medalje in die tienkamp (*links onder*), en Andrea Cornelissen (*regs onder*) het derde gekom in die verspring en was deel van die 4 X 100 m-aflosspan wat goud gewen het.



Maties Netbal-spelers opgeraap

Maties Netbal-spelers (*aan die oefen by Coetzenburg op die foto regs*) is weer gekies om die US in van die land se topspanne te verteenwoordig. Sian Moore en Nichole Taljaard is vir die President-twaalfstal gekies, en Nicola Smith vir die Suid-Afrikaanse onder-21's. Ons netbalspelers is hard aan die oefen vir die hoofseisoen wat binnekort begin.



2.26 Maties Rugby lê assesserings gedurende Varsitybeker in Pretoria af

Die Kantoor vir Assesserings, Akademiese Rekords en Graduering ("AARGO") het met Maties Sport saamgewerk om lede van ons Maties Rugby-span in staat te stel om hulle toetse af te lê terwyl hulle die US **vanaf 21 April** in die **tweede borrel** van die Varsitybeker in Pretoria verteenwoordig het.

Die span het die volle ondersteuning van die verantwoordelikhedsentrum van die Registrateur, die Maties Sport-bestuur, die betrokke fakulteite en die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) geniet.

TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As ’n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk met belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid.”

3.1 Uitnemendheid in wetenskap, tegnologie, innovasie vir Afrika

Die US het onlangs mede-gasheer geword vir een van vyf sentrums van uitnemendheid van die **Afrika-unie se ontwikkelingsagentskap (AUDA)** en die **Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (NEPAD)**, naamlik dié vir **wetenskap, tegnologie en innovasie**. Die doel van die sentrum is om kennis en wetenskapegronde innovasies te bevorder wat die implementering van die Afrika-unie se Agenda 2063 sal ondersteun.

Die sentrum is ingevolge ’n samewerkingsooreenkoms tussen AUDA-NEPAD, die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die US gevestig, en bied toegang tot die wêreldklas- Stellenbosse wetenskap-en-innovasie-ekosistiem.

Ná ’n aanlyn werksessie in Desember 2020 met **144 navorsers** en programbeampes van die US, die WNNR en AUDA-NEPAD het US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika ’n leidende rol gespeel om die sentrum in bedryf te stel en ’n bedryfsplan te ontwikkel. Daarna is ’n aanvanklike lys van **44 innovasies** individueel met projekteiers bespreek om sinergieë en geleenthede vir uitbreiding na die res van die vasteland te identifiseer.

Verdere aktiwiteite sal insluit die identifisering van prioriteitsprojekvoorstelle, die spesifisering van wat presies van die US vereis word, en die mobilisering van hulpbronne.

3.2 Toename in internasionale vennootskappe

Ons internasionale vennootskappe brei gewoonlik op natuurlike wyse deur navorsingsamewerking of personeel- en studentemobiliteit uit. Nietemin is daar die afgelope paar jaar doelbewus aandag geskenk aan die US se vennootskapsraamwerk, wat US Internasionaal in pas met die Universiteit se Internasionaliseringstrategie ontwikkel het.

Gevolgtik het wêreldwye samewerking sterk toegeneem. Europa maak steeds die grootste gedeelte van die US se vennootskapsnetwerk uit, wat aan ons historiese bande met daardie vasteland toegeskryf kan word. Nietemin maak ons ligging op die Afrikavasteland ons ’n **gesogte vennoot vir instellings wêreldwyd**, wat belang stel in ons innoverende navorsing in en vir Afrika, en die tasbare impak wat dit het.

US Internasionaal karteer tans ons omvattende vennootskapsportefeulje. Dit sal onder meer tussen samewerking op ’n institusionele en ’n fakulteits-/departementele vlak onderskei. Laasgenoemde

bied gewoonlik meer beheer aan, én ondersteun navorsing eie aan, die betrokke akademiese omgewing.

3.3 Internasionaal@Fakulteit-werkgroepe

Die implementeringsfase van die US se Internasionaliseringstrategie behels 'n aantal stappe om fakulteite hul navorsings-, onderrig-, leer- en internasionale vennootskapsaktiwiteite met die strategie te help **versoen**.

In dié verband het bestuurslede van US Internasionaal die afgelope tyd met fakulteite geskakel om werk- of belangegroepes op fakulteitsvlak op die been te bring wat met koördinerende en die vloei van inligting kan help.

Die eerste ontmoetings van hierdie werkgroepe het in die verslagtydperk plaasgevind, voordat die Institusionele Advieskomitee oor Internasionalisering (IAKI) in Mei vergader het. Die doel van hierdie ontmoetings was om die status van vennootskapsooreenkomste op fakulteitsvlak te bepaal, prosesse vir die sluit van nuwe ooreenkomste te bely, en vas te stel hoe geleenthede vir internasionalisering beter benut kan word.

3.4 Afrika Digitale Universiteitsnetwerk

Die Afrika Digitale Universiteitsnetwerk (ADUN) het sy eerste werkgroep onder leiding van die US se Sentrum vir Leertegnologieë bekend gestel. Die werk van die groep sal vanjaar in die vorm van tien aangevulde webinare onder die oorhoofse tema van “Digitale pedagogie in noodonderwysomstandighede” plaasvind.

ADUN bestaan uit hoëronderwysvakkundiges en ander praktisyns van Afrika wat daarin belang stel om tegnologie by die hoëronderwyskurrikulum te integreer. Die doel van die netwerk is om uit 'n Afrikaoogpunt **akademieskap, innovasie en netwerkvorming** op die gebied van onderwystegnologie te bevorder. Die US is 'n belangrike vennoot in die netwerk en was die gasheer vir die stigtingsvergadering in 2018 sowel as 'n tweede kollokwium in 2020, net voor die COVID-inperkings.

Hierdie eerste ADUN-werkgroep ondersteun die Universiteitsnetwerk vir Hoër Onderwys in Noodtoestande (AUN4HEiE) in hul strewe om kursusse te ontwerp wat die indiensnemingspotensiaal van vlugtelingsstudente in Afrika verbeter. Vir dié doel sal die webinarreeks op digitale pedagogieë konsentreer om dosente te ondersteun wat in verskillende omgewings met vlugtelinge werk.

3.5 Internasionale Netwerk vir Volhoubare Kampusse

Nadiem Gafieldien, die US se direkteur van Eiendomsdienste, is gekies as 'n beoordelaar vir vanjaar se toekennings van die ISCN, die internasionale netwerk vir volhoubare kampusse.

Die US se wateroptimaliseringsprojek is by verlede jaar se toekennings as naaswenner aangewys.

Die ISCN is 'n internasionale forum wat hoëronderwysinstellings help inligting, idees en beste praktyke uitruil om volhoubare kampusbedrywighede te verseker en volhoubaarheid by navorsing en onderrig te integreer.

3.6 Nuus oor SKEMA-vennootskap

Die US het in 2020 'n strategiese vennootskap met [SKEMA-bestuurskool](#) aangegaan om hul Ondernemingsbestuur-studente van die skool se vier kampusse wêreldwyd 'n buitelandse studie-ervaring sowel as 'n pasgemaakte akademiese program by die US te bied. Die eerste kohort wat in 2020 aangekom het, moes weens COVID in Maart huiswaarts keer, maar het kursusse aanlyn voltooi.

Die nuwe kohort vir hierdie semester is aansienlik groter. Die **342 studente** sluit magisterkandidate sowel as studente in die program B in Besigheidsadministrasie (BBA) in. Nie alle studente is egter op kampus nie: Altesaam 78 van die 342 het besluit om nie na Suid-Afrika te reis nie, en skakel aanlyn vanuit Frankryk in. 'n Kleinere groep van 100 studente word in die tweede semester verwag.

3.7 Assesserings vir internasionale studente

Die verantwoordelikhedsentrum van die Registrateur het met US Internasionaal saamgewerk om ooreenkomste met internasionale vennootuniversiteite te bereik sodat die US se internasionale studente hul **kontakassesserings by hul onderskeie instellings kan aflê**. Dit is 'n welkome intervensie vir studente wat steeds nie na Suid-Afrika kan reis nie.

3.8 Hibridiese Mobiliteitsnaaf

Die halfwegkonferensie van die TU Dresden-projek vir samewerkende aanlyn internasionale, interdisciplinêre en interkulturele leer ("TUD-COIII") het van 23 tot 25 Maart plaasgevind. Die US se deelname was 'n aktiwiteit van die Hibridiese Mobiliteitsnaaf wat tans in US Internasionaal ontwikkel word. Die TUD-COIII, wat in September 2020 van stapel gestuur is, ondersteun **internasionale virtuele akademiese samewerking ("IVAC")** en word deur die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD) gefinansier.

Die aanlyn geleentheid was 'n werksessie met die klem op gemeenskapsbou binne die groter IVAC-projek. Deelnemers het uit personeel en studente van die projekvennote TU Dresden, die Universiteit van Shiraz (Iran) en die US bestaan, sowel as twee eksterne evalueerders om vordering te dokumenteer. Daar is voorgestel dat die finale projekkonferensie by die US gehou word, mits COVID dit toelaat.

3.9 US/MSF-vennootskap

Danksy die US se vennootskap met Dokters Sonder Grense (Médecines Sans Frontières, MSF) is die **eerste ten volle aanlyn US/MSF-kortkursus**, oor die behandeling van MIV- en TB-verwante infeksiesiektes, van stapel gestuur. Die kursus is op 12 April bekend gestel.

Die voortgesette samewerking tussen die US en MSF sal oor die volgende drie jaar 'n verdere twee ten volle aanlyn kortkursusse oplewer, sowel as die Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes, wat tans vir implementering in 2022 ontwikkel word.

3.10 Telematiese Skoleprojek

Die Telematiese Skoleprojek gaan steeds van krag tot krag. Innovasies waaraan tans gewerk word, sluit in die **graad 11-hersieningsprogram**, die insluiting van Suid-Afrikaanse Gebaretaal by hersieningsprogramme, opleiding vir aanbieders, en die ontwikkeling van Xhosa-lesse.

Hierdie gesamentlike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die US het in 2009 begin, en beoog om onderwys deur tegnologie te ondersteun. 'n Netwerk wat met tien skole begin het, bestaan vandag uit **1 300 skole landwyd**, wat almal deur middel van 'n gratis webtuiste toegang tot video's, werkboeke en ander aanlyn inhoud van gehalte geniet. Begunstigdes kan inhoud hetsy vanaf hulle skole óf in die gerief van hulle huise kyk en bekom.

Die projek ondersteun leerders en onderwysers deur inhoud in **17 vakke** in sowel **Engels** as **Afrikaans** te voorsien. Onderwysers ontvang ook beroepsontwikkelingsopleiding wat betref vakinhoud en persoonlike groei.

3.11 Ideasmash 2021

Die US LaunchLab en die kantoor van die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie het in April die Ideasmash-wedstryd vir 2021 aangekondig.

IdeaSmash is die US se interne rondte van die tussenuniversiteitsprogram **Entrepreneurskapsontwikkeling in die Hoër Onderwys** ("EDHE"). Dit bied deelnemers 'n platform om innoverende sake-idees of bestaande tegnologie-, sosiale-impak- of algemene ondernemings voor te lê. Die wenner van hierdie interne rondte sal die Universiteit op die streeks- en hopelik ook die nasionale vlak van die EDHE-wedstryd verteenwoordig.

Sowel voltydse as deeltydse voor- en nagraadse studente in alle vakrigtings kan deelneem.

3.12 Intellektuele eiendom

Die US het op 26 April die Internasionale Dag vir Intellektuele Eiendom gevier met 'n Innovasie-geleentheid wat by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) aangebied is.

Die geleentheid het die rol van intellektuele-eiendomsregte in die bevordering van **innovasie en kreatiwiteit** onderstreep. Dit het ook klein, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's) se belangrike bydrae tot die ekonomie uitgelig, en getoon hoe hierdie ondernemings intellektuele-eiendomsregte kan gebruik om sterker, meer mededingend en veerkragtig te word.

Daarbenewens is die dag gebruik om 'n **handleiding vir KMMO's se intellektuele-eiendomstrategie** bekend te stel wat Innovus se Tegnologieoordragkantoor en die Moolman-instituut ontwikkel het, en om met van die **US se beginnerondernemings** te spog.

3.13 Matiewinkel

Die Matiewinkel het gedurende die inperking sy aanlyn verkope deur die Takealot-platform uitgebrei en 'n voertuig aangeskaf om op afgeleë en strategiese plekke as 'n kitswinkel te dien. Die 'winkel op wiele' is by die gradeplegtighede in Desember 2020 en Maart/April 2021 bekend gestel, en het ook met studente se terugkeer na die kampus op die Rooiplein sake gedoen. Vir maksimum blootstelling het die Matiewinkel nou ook sy eie sosialemediablaai.

3.14 US Woordfees en Koor

Die 2021 Toyota US Woordfees sal weens COVID-19 nie meer fisies in Stellenbosch plaasvind nie, maar 'n opwindende alternatief word beplan. Meer besonderhede oor hierdie landwye viering van die kunste sal binnekort bekend gemaak word.

Intussen is enkele geleenthede in die eerste semester aangebied om die uitvoerendekunste-gemeenskap 'n hupstoot te gee.



Een van hierdie geleenthede was die Toyota US Woordfees **Kunstenaarsweek van 6 tot 11 April**. Die doel van die projek was om besinning aan te moedig en kreatiwiteit in die groter kunstenaarsgemeenskap te stimuleer. Uitgelese skeppende kunstenaars soos prof Andrew Buckland, Sylvaine Strike, Alfred Hinkel, Gregory Maqoma, dr Gcina Mhlophe, Jolyn Phillips, Mmatumisang Motsisi en Jefferson Tshabalala het met 'n diverse groep van **67 medekunstenaars** gewerk. Deelnemers het werksessies bygewoon (*sien foto bo*), en moes met kort werke (5 tot 15 min)




vorendag kom wat op 10 April by die kitsgeleentheid **Flikker & Flash** aangebied is. Sestien produksies in verskillende genres is elke 30 minute in ongewone ruimtes soos leë winkels deur die hele dorp opgevoer. Boonop is 'n poësie-en-musiekgeleentheid op 9 April aangebied (*foto links*). Alle vertonings was gratis, en alle COVID-19-protokolle is gevolg. Hierdie inisiatief is moontlik gemaak deur Toyota, kykNET, NATi en Visit Stellenbosch

Die **US Koor** het op 8 Maart, net mooi 'n jaar ná hulle laaste uitvoering in 2020, weer begin

oefen. Meer as die helfte van die koor vir 2021 is nuwe lede. Met ruim steun van die US-gebeurlikheidsfonds is spesiale sangmaskers uit die VSA bestel om die studente te beskerm sonder om klankgehalte in te boet. Die koor is ook genooi om aan *Britain's Got Talent 2022* deel te neem, mits COVID dit toelaat.

3.15 US Museum



Die US Museum het weens die pandemie sy maandelikse Woensdag-kunsrondwandeling in 'n reeks webinare oor museumuitstallings en kuns in die algemeen omskep.

Vir die eerste **Woensdag-kunswebinaar** ("talkabout") (*sien skermshoot langsaan*) op **31 Maart** het dr Ernst van der Wal (hoof van die Departement Visuele Kunste) en me S'nothile Gumede (MA Visuele Kunste-

student) gesels oor die uitstalling *Acquisition List*, waarvoor Gumede as kurator opgetree het. Die uitstalling is gegrond op haar magistertesis en is tans by die museum te sien.

Just Conversations is op sy beurt 'n nuwe webinarreeks wat die US Museum die hele jaar deur sal aanbied. Gemeenskapslede, akademici en praktisyns sal beraadslaag oor kwessies soos ruimtelike geregtigheid, die stryd van werkers, tussengenerasie-uitdagings, grond, identiteit en inheemsheid, die restituisie van Afrikakennis en -artefakte, verswyging in Afrikageskiedenis, en die rol van argiewe.

TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* behels hierdie kern strategiese tema die volgende: "Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek."

4.1 Steun vir ERTLA en ARTLA

Toe kontakonderrig in Maart 2020 landwyd opgeskort is om die verspreiding van COVID-19 te keer, het die US gereageer deur na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA) oor te slaan. Ons het vyf weke later ons akademiese program hervat, dié keer ten volle aanlyn. Ondanks die snelle oorskakeling na 'n nuwe werkswyse, het die US steeds daarin geslaag om vir die akademiese jaar 2020 (met inbegrip van vanjaar se Maart/April-gradeplegtighede) 'n nuwe rekord van 9 234 kwalifikasies toe te ken, 'n merkwaardige prestasie.

'n Belangrike deel van hierdie suksesverhaal was die uitgebreide steunprogram agter die skerms om nie net die aanvanklike vinnige oorskakeling moontlik te maak nie, maar ook die nuwe benadering vir die res van die akademiese jaar te ondersteun.

Met finansiële bystand van die **Michael & Susan Dell-stigting**, die **Oppenheimer-gedenktrust** en die **Harry Crossley-stigting** kon die US sy vermoë uitbrei om bykomende opvoedkundige multimediamateriaal te ontwikkel en meer virtuele akademiese tutorbystand, mentorleiding, psigososiale steun en tegniese steun aan ons studente te bied. Ons is besonder dankbaar vir hierdie donateurs se ruimhartige ondersteuning.

Die Afdeling Leer- en Onderrigverryking het die projek in samewerking met fakulteite se visedekane vir onderrig en leer gekoördineer. Ander kernrolspelers was die bestuurders van die sentrums vir Onderrig en Leer (SOL), Leertegnologieë (SLT), Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) en die Taalsentrum.

Hoogtepunte sluit die volgende in:

- Die skep van opleidingsmateriaal vir dosente om onderrig-en-leerervarings vir 'n sogenaamde “omgekeerde klaskamer” te ontwerp
- Bykomende tutorbystand vir 22 534 studente. Die ekstra tutoriale het studente met taalkwessies en algemene kennisleemtes ondersteun. Terugvoer toon dat studente se skryfvaardighede, en dus ook hulle punte vir sekere opdragte, gevolglik verbeter het. Tutors het aangemeld dat die ekstra tyd saam met studente die druk op dosente verlig én beter onderrig en leer in die hand gewerk het.
- Bykomende Taalsentrumsteun, waaronder Skryflabvideo's, video's oor nagraadse skryfvaardighede, webinare oor akademiese vaardighede vir voorgraadse studente, die ontwikkeling en oudiovertaling van podsendinge en transkripsies, asook intydse tolking vir dowe studente
- Die benutting van SSVO se **akademiese voorligtingsessies** deur 1 000 studente
- Die aanbieding van meer as 4 000 **individuele en groepberadingsessies** deur die SSVO

In 'n aanlyn opname in Desember 2020 (deelnamekoers: 9,07%) het baie studente hulle dankbaarheid en waardering uitgespreek vir wat hulle ontvang het. Nietemin het heelwat ook hulle frustrasie, hartseer en soms selfs woede uitgespreek oor 'n gebrek aan konnektiwiteit en hulle algemene leeromstandighede in daardie stadium.

Die US se oorskakeling na ERTLA het ook **geleenthede vir leer en ontwikkeling** gebied:

- Die Universiteit het in November 2020 sy 13^{de} jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer- (AVOL-)konferensie aanlyn aangebied. Akademiese onderrig- en professionele en administratiewe steundienste- (PASD-)personeel het krities oor hulle ervaring van ERTLA besin. Die oordenkings is sedertdien saamgevat in die e-publikasie [Responding to the necessity for change: Higher education voices from the South during the COVID-19 crisis](#).
- Met die toename in die gebruik van digitale toestelle gaan die SLT en SSVO 'n elektroniese boek oor e-welwees, *Entering the world of digital wellbeing*, publiseer. Die boek onderstreep die belang daarvan om krities na te dink oor ons daaglikse aanlyn aktiwiteite.

Alle aanlyn materiaal wat vir ERTLA ontwikkel is, sal voortaan toeganklik en relevant bly, en sal studente in 2021 en daarná dus bykomende leerhulpbronne bied.

Bogenoemde finansiers het die Universiteit ook goedgegunstiglik gratis uitstel tot 30 Junie 2021 gebied om die oorblywende finansiering te bestee. Dít stel fakulteite in staat om voort te gaan om bykomende tutoriaalaktiwiteite te finansier, wat veral nuttig is met die huidige oorskakeling van ERTLA na ARTLA.

Die tutoropleidingsmodule is hersien en in 'n amptelike ko-kurrikulêre aanbod vir akademiese leierskap vir 2021 omskep. Die module, "**Portuurfasilitering van leer: Opleiding**", word deur die Sentrum vir Onderrig en Leer gekoördineer.

Die selfgerigteleerprogram wat studente teen hulle eie tempo voltooi, is die hele jaar deur vir tutors in fakulteite beskikbaar. Studente wat die verpligte sessies en assesserings voltooi, ontvang **erkenning op hul ko-kurrikulêre transkripte**.

Altesaam 179 studente van 24 departemente in agt fakulteite het in die verslagtydperk vir die opleiding geregistreer.

4.2 Uitgebreide leerruimtes

Die projek vir uitgebreide leerruimtes ("ELS") het teen die **einde van November 2020** tot stand gekom toe die US besluit het dat studente na die kampus sou terugkeer, dog – in pas met COVID-19-regulasies – steeds nie die volle kapasiteit van lesingsale kon gebruik nie.

Die doel van die projek is om alle bruikbare **lesinglokale met audiovisuele toerusting en stelsels** toe te rus sodat dosente lesings kan uitsaai vir studente wat aanlyn inskakel, en terselfdertyd in tradisionele kontakvorm vir party studente kan klas gee. Die oogmerk is om aanlyn studente 'n soortgelyke interaktiewe leerervaring as dié in die klas te bied.

Die interaktiewe audiovisuele sagteware Microsoft Teams maak die kern van die ELS-stelsel uit. Dosente wat die ELS-stelsel in die klas gebruik, sal kan kies watter beelde in die klas vertoon word en terselfdertyd vir aanlyn studente sigbaar sal wees. Studente wat vir 'n module met 'n SUNLearn-profiel geregistreer is, sal outomaties deel wees van die Teams-modulegroep. Dosente sal ook kan kies om lesings in Teams op te neem sodat studente weer na die klasse kan gaan kyk.

Die ELS-projek word in twee strome uitgevoer: hardware- en stelselimplementering onder leiding van Fasiliteitsbestuur, en opleiding en steun onder leiding van IT, in samewerking met die Afdeling Leer- en Onderrigverryking.

4.3 Kursusleeslystelsel

Die US Biblioteek het op 17 Februarie 'n aanlyn bekendstelling van sy onlangs geïmplementeerde SUNLearn-geïntegreerde kursusleeslystelsel aangebied. Die geleentheid het ook 'n lewende demonstrasie ingesluit. Die stelsel, wat deur Leganto van Ex Libris bedryf word, is danksy 'n toekenning uit die Strategiese Fonds aangekoop en in samewerking met die Sentrum vir Leertegnologieë en die US se ander leer-en-onderrigsteunafdelings in werking gestel.

Kursusleeslyste maak **hibridiese leer** moontlik en bied toegang tot die jongste hulpbronne om **e-leer** te vergemaklik. Met die stelsel kan dosente omvattende, gestruktureerde, geannoteerde aanlyn leeslyste in die bekende omgewing van SUNLearn saamstel en bestuur. Uiteenlopende inhoud uit die biblioteek én van elders (waaronder boeke, artikels, webtuistes, gestroomde media, digitale inhoud en kursusaantekeninge) en sowel gedrukte as elektroniese materiaal kan by 'n enkele lys ingesluit word.

Sedert die implementering van die stelsel is 36 leeslyste al geskep of aangevoer. Stelselverslae sal dosente help bepaal hoe doeltreffend hulle leeslyste is en van watter materiaal studente die meeste gebruik maak op grond van besigtigings, kommentaar en “likes”.

4.4 Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK)

PRONTAK is die US se jaarlikse kortkursus vir **pas aangestelde akademici**. Vanjaar se aflewering het in Maart begin. Dit word in ’n **gemengde** formaat deur ’n kombinasie van aanlyn deelname en persoonlike kontak aangebied, en deelnemers kom uit ál tien US-fakulteite sowel as die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL). Die kursus het weggespring met ’n inleiding tot die konsep van ’n nadenkende opvoeder.

4.5 Kortkursus oor assessering

Die proefaflewering van die US se kortkursus oor assessering het in Maart ’n aanvang geneem. **Sestien deelnemers van agt fakulteite** het vir die gemengdeleerkursus geregistreer. Die program het begin met ’n inleidende aanlyn ontmoeting, waar deelnemers die doelstellings van assessering en die verband tussen leeruitkomste, leeraktiwiteite en assessering bespreek het.

Vir die eerste sessie op 14 April het vier kursusgangers van aangesig tot aangesig en die res aanlyn op MS Teams deelgeneem. Die sessie het oor die beginsels en kriteria vir doeltreffende assessering gehandel, en het die tweede konsep van die hersiene US Assesseringsbeleid as ’n gespreksdokument gebruik. Verdere asinchrone leer sal onderwerpe soos terugvoer sowel as self- en portuurassessering aanroer.

4.6 Kwartaalvergadering vir onderriggenote

Die US se onderriggenote het op 20 April hulle eerste kwartaalvergadering vir 2021 gehad. Die doel van dié vergaderings is om ’n ondersteuningsnetwerk onder genote te skep en die gevoel van afsondering teen te werk wat navorsers dikwels ervaar wanneer hulle vir ’n uitgebreide tydperk alleen aan hulle projekte werk.

Die Universiteit se onderriggenootskapsprogram bied uitgesoekte akademici ’n geleentheid om hul onderrigvakkennis verder uit te bou, en is daarop uit om die **akademieskap van onderrig en leer** by die US te versterk.

Die vergadering was ook die eerste geleentheid vir die drie nuwe genote van 2021 – prof Debby Blaine, dr Taryn Bernard en dr Gretha Steenkamp – om hul kollegas in die program te ontmoet.

4.7 Stellenbosch en Strathmore hou aanlyn gesamentlike skool

Die eerste gesamentlike navorsingskool van ons inisiatief vir **ontluikende vakkundiges** (“ESI”) – ’n projek van US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap – het saam met Strathmore-universiteit in Nairobi, **Kenia**, plaasgevind. Die skool is van 12 tot 23 Mei aanlyn aangebied, en het uit drie kursusse en 80 afgevaardigdes bestaan.

Die druk gesprekke oor akademieskap het personeel van sowel die US as Strathmore beduidende leergeleenthede gebied.

Die ESI beoog om binne drie jaar **12 gesamentlike skole** by uitgesoekte US-vennootuniversiteite in Afrika aan te bied. Die twee strome – een vir PhD-studente en die ander vir personeel – bied kursusse oor onder meer navorsingsmetodologie, studieleiding, akademiese skryfwerk en publikasie. Kursusse word gesamentlik deur fasiliteerders van die US en die vennootinstelling saamgestel.

By die skryf van hierdie verslag was die ESI van plan om in Mei en Junie ’n verdere twee skole saam met onderskeidelik die universiteite van **Lagos** en **Rwanda** aan te bied.

4.8 ADA-herfsskool en Webinaar-Woensdae

Die Afrika Doktorale Akademie (ADA) het van **3 tot 10 Mei** sy eerste herfsskool aanlyn aangebied. Die vyf verskillende kursusse van die skool het op analitiese vaardighede en tegnieke in sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe navorsing gekonsentreer, en het dus 'n belangrike rol vervul om deelnemers se navorsingsvermoë te bou.

Daarbenewens bied die ADA nou ook **Webinaar-Woensdae** aan. Die webinare vind maandeliks gelyklopend met én tussen ADA-skole plaas. Vier suksesvolle webinare is tot dusver gehou waartydens vakkundiges van binne én buite die US kennis uitgeruil het.

4.9 Nuwe Tegpreneurskapsentrum lewer eerste kohort

Die **eerste kohort** nagraadse studente, akademici en administratiewe personeel van die US het in Maart die ses weke lange program van die nuwe US Tegpreneurskapsentrum voltooi.

Die doel van die Sentrum is om datawetenskap- en entrepreneurskapsvaardighede te bou. Dit is tot stand gebring deur die **US LaunchLab** (ons tegnologie- en entrepreneurskapsinkubator) in samewerking met die **US Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke**.

Deelnemers het bedryfsgepaste tegniese datawetenskap-, masjienleer-, wolkrekenaar- en sagte IT-vaardighede aangeleer. Hulle het ook insig verkry in die grondbeginsels van entrepreneurskap vir persoonlike ontwikkeling en groei, en geleer om deur ontwerpdenke 'n entrepreneursingesteldheid te ontwikkel.

Die aanbod blyk nagraadse studente se aanstelbaarheid 'n aansienlike hupstoot te gee: Teen die einde van die program is **90%** van studente vir **onderhoude** met plaaslike tegnologiemaatskappye genooi en **70%** 'n **voltydse internskap** aangebied.

Die Sentrum is van plan om die program vanjaar nog drie keer aan te bied.

TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

5.1 US Skool vir Klimaatstudie

In wat beloop om 'n **baanbrekersinisiatief** in die stryd teen klimaatsverandering te wees, het die US die vestiging van 'n nuwe Skool vir Klimaatstudie aangekondig. Die amptelike bekendstelling word vir Julie 2021 beplan.

Die Skool sal die US se klimaatsverwante kennisstelsels en sosiale-impak-missie, die openbare sektor se klimaatsbeleide en -inisiatiewe en die privaat sektor se klimaatsherstel-en-innovasievermoëns kombineer – alles ter ondersteuning van die oorgang na 'n klimaatsveerkragtige samelewing en 'n laekoolstof-ekonomie.

Die visie van die Skool is om 'n **wêreldklasinstelling** vir inter- en transdissiplinêre klimaat- en verbandhoudende studie **in en vir Afrika** te wees, en om navorsingsvennootskappe met ander entiteite, sowel nasionaal as internasionaal, te ondersteun en aan te moedig.

Die Skool se wye opdrag behels onder meer navorsing, kurrikulumontwikkeling, nagraadse opleiding, advies- en konsultasiedienste sowel as tegnologieoordrag op die verskillende terreine van

klimaatstudie. Dít sal gedoen word deur 'n netwerk navorsers by die US en ander universiteite, instellings en organisasies wêreldwyd by samewerking te betrek.

'n Voorbeeld van die tipe samewerking wat beoog word, is dié met die Globale Universiteitsalliansie oor die Klimaat (**GAUC**), wat die universiteite van Oxford en Cambridge, Massachusetts Instituut vir Tegnologie (MIT), die Universiteit van Kalifornië, Berkeley, en ander toonaangewende universiteite oor die hele wêreld insluit. Die US is tans die enigste Afrikalid van GAUC.

5.2 Navorsingsuitset

In sy jaarlikse navorsingsuitsetverslag aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het die US wéér 'n **rekordgetal** artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte aangemeld, dié keer ten opsigte van die publikasie-uitsetjaar 2019. Die syfer van **1 596 vir 2019** is 'n goeie verbetering op die 1 501 eenhede wat vir 2018 aangemeld is.

Ons syfers en prestasie wat ander navorsingsuitsette betref, is soos volg:

- Tweede meeste **boekpublikasies** (327, naas die Universiteit van Johannesburg (UJ) op 359)
- Derde meeste **konferensieaanbiedings** (110, naas onderskeidelik UJ en Noordwes-Universiteit se 294 en 118)
- Tweede hoogste **navorsingsuitset per kop** (1,72, naas die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN) op 1,83)
- Derde hoogste **geweegde** navorsingsuitset per kop (3,39, naas onderskeidelik UKZN en die Universiteit van Pretoria op 3,62 en 3,61)
- Vierde ten opsigte van **totale uitset** (2 033, naas onderskeidelik UKZN, UJ en UP op 2 286, 2 276 en 2060)

Die DHOO het ook die belang van goeie etiese praktyke beklemtoon, en sal mettertyd 'n verslag in dié verband uitreik.

5.3 Opname oor die impak van die COVID-19-pandemie op Suid-Afrikaners

Navorsers van ReSEP, 'n groep in die Departement Ekonomie wat in navorsing oor sosio-ekonomiese beleid spesialiseer, het aansienlik tot die onlangs vrygestelde fase 4 van die opname NIDS-CRAM ("[National Income Dynamics Study Coronavirus Rapid Mobile](#)") bygedra. Die US se navorsers het [11 besprekingsdokumente](#) met databevindinge help lewer, wat daarna ingesluit is by hierdie nasionaal verteenwoordigende opname oor die impak van die COVID-19-pandemie op Suid-Afrikaners.

[Klik hier](#) vir verdere inligting.

5.4 Model vir nagraadse studenteleiding

Die model vir nagraadse studieleiding, wat in die laaste kwartaal van 2020 voltooi is, is geïmplementeer en word goed ontvang. Die model bied onder meer 'n oorsig van studieleidingpligte volgens departement en/of akademiese personeellid oor tyd. Die data word van die nagraadse administrasiesteunstelsel verkry en dan in 'n gebruikervriendelike vorm op die SUN-i-bedryfsintelligensieplatform aangebied.

Die doel is om departementele voorsitters, fakulteitsbestuurders, visedekane, dekane en ander navorsingsverwante amptenare 'n **gekonsolideerde inligtingsbron** te bied. Verskeie fakulteite het die model in gebruik geneem om hulle werkklas ten opsigte van nagraadse studieleiding te bestuur. Opleiding vir kerngebruikers begin binnekort.

5.5 Navorsingspeletjie

Die US Biblioteek het onlangs 'n [navorsingsdatabestuur- \(NDB-\)avontuurspeletjie](#) bekend gestel. Die speletjie is op die tipiese databestuursuitdagings van 'n werklike navorsingsprojek gegrond.

Die teksgebaseerde, interaktiewe speletjie berus op rolspeel en laat deelnemers toe om 'n gesimuleerde navorsingsprojek deur die fases van databestuursbeplanning, data-insameling of -skepping, -ordening en -beskrywing sowel as navorsingspublikasie te neem. Langs die pad kom hulle voor databestuursuitdagings te staan.

Die speletjie is tussen 2017 en 2020 as deel van 'n samewerkingsprojek tussen die biblioteekdienste van die universiteite van Bath en Stellenbosch ontwikkel. Die ontwikkelaars was Alex Ball en Nushrat Khan van Bath, en **Samuel Simango** van Stellenbosch.

Dis oënskynlik 'n treffer. Sedert die speletjie bekend gestel is, is dit al in **32 lande gespeel** en ook vir 'n NWTF-South32-toekenning in die kategorie "Data vir navorsing" benoem. Boonop het die Wellcome-trust se adviesraad vir nuwelingnavorsers die speletjie in Januarie 2021 by hulle [Oop Navorsing-inligtingspakket vir nuwelingnavorsers](#) ingesluit, en dit daarmee as 'n waardevolle instrument vir navorsers onderskryf.

5.6 Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig

Die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO) het in die verslagtydperk finansiering ten bedrae van R782 259 vir 22 navorsingsvoorstelle bewillig of opsygesit. Die meeste daarvan (16) was vir projekte in die fakulteite Ingenieurswese sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Sterk temas in die voorstelle was transformasie, elektroniese leer, leer gedurende die pandemie, en nagraadse leer.

5.7 IKT-hulp vir navorsers

Danksy samewerking tussen die US se navorsingsteunspanne, onder meer die Biblioteek- en Inligtingsdiens en die afdelings Navorsingsontwikkeling, IT en Inligtingsvoorsigbestuur, is 'n pasgemaakte [aanlyn IKT-hulpkantoor vir navorsers](#) onlangs ontwikkel en bekend gestel.

Die hulpkantoor is 'n intuïtiewe aanlyn portaal wat US-navorsers 'n eenstopwinkel bied vir dienste en advies met betrekking tot navorsingsverwante inligting- en kommunikasietegnologie, waaronder data-insameling, -berging, -oordrag en -visualisering. Die samevoeging van die verskillende navorsingsteunspanne op een platform verbeter samewerking en kennisuitruiling tussen spanne om doeltreffender in ons navorsers se behoeftes te voorsien.

Toegang tot die hulpkantoor kan verkry word by die hiperskakel hierbo of deur dit uit die lys by <https://servicedesk.sun.ac.za> te kies.

TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) is ons mense ons eerste "instaatsteller" – 'n element "wat alles moontlik maak". Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan 'n kern strategiese tema: "Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewes om die **voorkeurwerkgegewer** te wees, beoog ons 'n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van 'n inklusiewe kampuskultuur vergestalt."

6.1 Verdere nGAP-poste vir die US

Die US het 'n verdere vyf poste van die nasionale program vir 'n nuwe generasie akademië (nGAP) bekom, wat die **totale getal op 32 te staan bring**.

Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het nGAP in 2015 goedgekeur as 'n werktuig om die grootte en samestelling van die akademiese personeelkorps by Suid-Afrikaanse universiteite uit te brei, veral deur die aanstelling van bruin, swart en Indiër-akademië sowel as vrouevakkundiges.

Twee van die vyf nuwe US-poste is onderskeidelik aan die departemente Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese en Siviele Ingenieurswese toegeken, en die oorblywende drie aan die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika en die Departement Biomediese Wetenskappe in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

6.2 Bewusmaking van gesondheid en welwees

Die US se Biokinetikasentrum en fisioterapeute van die Kampusgesondheidsdiens (KGD) het 'n gesondheid-en-welstandswedinar vir personeel aangebied. Onderwerpe soos voeding, fisiese aktiwiteit en postuurverwante toestande is bespreek.

KGD se gesondheid-en-welstandsdienste dek ook onderwerpe wat op die Wêreldgesondheidsorganisasie se [gesondheidskalender](#) verskyn. Dit het oor die afgelope paar maande ingesluit Internasionale Gloukoomweek, die Internasionale Dag vir Bewusmaking oor Kopbeserings, Wêreldnierdag, Soutbewusmakingsweek, Wêreldtuberkulosedag, Wêreldmalariadag en die Wêrelddag vir Veiligheid en Gesondheid by die Werk. KGD het hierdie geleentheid as platforms vir gesondheidsbevordering en -opvoeding onder die kampusgemeenskap gebruik.

Met die implementering van die nuwe, aangevulde Werknemerbystandsprogram het die Welweeskantoor vier algemene werknemerwelwees-inligtingsessies en een sessie spesiaal vir lynbestuurders gehou. Die Kantoor het boonop met KGD, die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (Dieetkunde) en Maties Sport saamgewerk om twee opvoeding-en-bewusmakingsveldtogte aan te bied oor oefening, ergonomie en die belang van voeding om uitputting te keer.

SLOT

Die wye verskeidenheid bedryfsaktiwiteite wat in hierdie verslag bespreek word, weerspieël die toewyding van die ganse Span Stellenbosch om die kerndoelwitte in ons Strategiese Raamwerk 2019–2024 te bereik, ondanks die verlamende uitwerking van die koronaviruspandemie. Dit is onteenseglike bewys dat ons gereed, aanpasbaar én veerkragtig is om enige moontlike uitdagings en onstuimigheid verbonde aan die derde vlag die hoof te bied.



**Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier**

BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (23 Feb–10 Mei 2021)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	A critical look at what's missing from Muslim education in South Africa	The Conversation (22 Feb)
Hugo Pienaar	Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO)	Temporary windfalls no reason for a free lunch from expenditure thrift	Business Live (22 Feb)
Dr Guy Lamb	Politieke Wetenskap	Crime levels, alcohol and COVID-19 lockdowns	News24 (23 Feb)
Dr Phumla Kese	Kurrikulumstudie	The comforting language of our mothers	Cape Times (23 Feb)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Matriekuitslae: Pandemie wys hoe waardevol onnies is	Netwerk24 (24 Feb)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Die reg om te sterf	Netwerk24 (25 Feb)
Hanlie Gouws	<i>Vrye Weekblad</i>	Nee, ons wil nie regtig woonwapark-bestuurders na SA lok nie	Vrye Weekblad (26 Feb)
Hugo Pienaar	BEO		
Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Africa should lead the use of soft power	City Press (28 Feb)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	Name wat verander in die onderhandelde republiek	Netwerk24 (1 Mrt)
Dr Hayley Clements	Sentrum vir Komplekse Sisteme in Transisie	Recreational hunting, conservation and livelihoods: no clear evidence trail	The Conversation (2 Mrt)
Prof Corey Bradshaw	Flinders-universiteit		
Prof Enrico di Minin, Christoph Fink, dr Ricardo Correia, Dr Anna Hausmann, Gonzalo Cortés-Capano & Anna Haukka	Universiteit van Helsinki		
Prof Geo Quinot	Publiekreg	What South Africans should know, but don't, about government's COVID-19 vaccine procurement	The Conversation (2 Mrt)
Dr Alanna Rebelo & Nicholas Coertze	Bewaringsekologie en Entomologie	Mapping alien trees to protect our forests	News24 (3 Mrt)
Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Why SA's matric results don't add up	Business Live (4 Mrt)
Dr Francis Vorhies	Afrika Instituut vir Natuurlewe-ekonomie (AWEI)	Wilding, urban demand key for preservation	Cape Times (4 Mrt)
Dr Gretha Steenkamp	Skool vir Rekeningkunde	SA's opaque share repurchases pose an ethical dilemma	Business Live (5 Mrt)
Lauren den Besten	Magisterstudent (Filosofie)	Disabled lives matter: COVID-19 puts a spotlight on discrimination	Times Live (6 Mrt)
Edwin Cameron	Kanselier	To enforce the COVID lockdown, did we wage a war on the people of South Africa?	News24 (6 Mrt)
Prof Juliana Claassens	Ou en Nuwe Testament	Does every woman have a well-stocked arsenal of anger?	News24 (8 Mrt)
Prof Soraya Seedat	Psigiatrie	Time to challenge gender disparities	Cape Times (8 Mrt)
Prof Portia Jordan	Verpleeg- en Verloskunde	COVID-19: Knowns, unknowns and opportunities	Mail & Guardian (8 Mrt)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
William Sezoe	BEd-student	Stellenbosch se taalbeleid lankal onsmaaklik en toksies	LitNet (9 Mrt)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	Maties se woede en frustrasie oor 'taalonreg'	Netwerk24 (9 Mrt)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	US-taaldebat 2021: Skande op Maties – rooi ligte in die US se taalbeleid	LitNet (10 Mrt)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	SU language debate 2021: Inside the anxious world of the <i>taalstryders</i>	LitNet (11 Mrt)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	SU language debate 2021: A riposte: Vader Jansen, slaap jy nóg?	LitNet (11 Mrt)
Dr Willem Louw	Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB)	Making space for the concept of 'executive sponsor' in South Africa's infrastructure development rollout	Engineering News (11 Mrt)
Dr Moses Khanyile	Sentrum vir Militêre Studie	Abuses at South Africa's spy agency show poor governance. There are solutions	The Conversation (11 Mrt)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Eenheid vir Morele Leierskap	Honger kinders kan nie leer of presteer nie	Die Burger (13 Mrt)
Dr Nthabiseng Moleko	USB	We must get out of this economic rut	Sunday Times (14 Mrt)
Athol Williams	Sentrum vir Toegepaste Etiek	Corporate amends: What is enough?	Mail & Guardian (14 Mrt)
Dr Xanthe Hunt	Instituut vir Lewensloop- gesondheidsnavorsing	South African study gives insights into sexual health needs of people with disabilities	The Conversation (16 Mrt)
Prof Leslie Swartz	Sielkunde		
Dr Mark Carew	University College London		
Dr Poul Rohleder	Universiteit van Essex		
Stine Hellum Braathen	SINTEF		
Prof Ralph Hamann	Universiteit van Kaapstad	Companies should try collaboration – not coercion – when dealing with their suppliers	The Conversation (16 Mrt)
Dr Frank Brueck	USB		
Dr Franz Wohlgezogen	Universiteit van Melbourne		
Prof Joerg Hofstetter	Kedge-bestuurskool		
Dr Diana Højlund Madsen	Nordiese Afrika-instituut	How informal institutions derail gender equality in Ghana and South Africa	The Conversation (17 Mrt)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap		
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	The vision of human rights needs joint responsibility — we must drop our porcupine quills and learn to trust	Daily Maverick (18 Mrt)
Prof Lindy Heinecken	Sosiologie en Sosiale Antropologie	What's needed to boot GBV out of the military	Mail & Guardian (19 Mrt)
Prof Sandy Liebenberg	Publiekreg	Budget must take human rights into account	City Press (21 Mrt)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	Equitable education is a human right	Business Day (21 Mrt)
Dr Francois Cleophas	Sportwetenskap	Om te vier: Tier met spier	Rapport (21 Mrt)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Moral imagination key for human rights to flourish	News24 (24 Mrt)
Prof André G Loxton	Molekulêre Biologie en Mensgenetika	TB research still crucial in a time of COVID-19	Health24 (24 Mrt)
Mercia Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	'n Taalbom bars al weer in Stellenbosch	LitNet (24 Mrt)
Helanya Fourie & Tshepo Moloji	BEO	From load-shedding to lack of confidence in institutions, NDP has steep hill to climb	Business Live (24 Mrt)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	US-taalbeleid: Pas op vir verleidelike 'inheemsheid'	Netwerk24 (25 Mrt)
Prof Nico Cloete & dr François van Schalkwyk	Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie	Free higher education: Crises that could have been foreseen	University World News (25 Mrt)
Florence de Vries	Bemarking en Kommunikasie, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Kanselleerkultuur: Sit af daai musiek	Vrye Weekblad (26 Mrt)
Prof Brian Ganson	Afrikasentrum vir Geskilbeslegting	Human rights embedded in township enterprises	Mail & Guardian (26 Mrt)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Jaar lank in die voorste linie	Netwerk24 (27 Mrt)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	L – die teken van ons tyd	Die Burger (27 Mrt)
Edwin Cameron	Kanselier	O brother, where art thou? South Africa's xenophobic violence and fear of the Other	Daily Maverick (28 Mrt)
Prof Wim de Villiers	Rektor en Visekanselier	It IS possible to build a post-COVID-19 future today	IOL (29 Mrt)
Prof Pumla Gobodo-Madikizela	Historiese Trauma en Transformasie	The arts has the power to build a politics of care and social solidarity beyond human rights	Daily Maverick (29 Mrt)
Dr Daniel le Roux	Inligtingwetenskap	The pandemic has permanently changed the world of work	Thought Leader (30 Mrt)
Rupert Koopman	Botaniese Vereniging van Suid-Afrika	Die Maartblom-pelgrimstog	Vrye Weekblad (31 Mrt)
Florence de Vries	Bemarking en Kommunikasie, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe		
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Priesters tydens 'n pandemie	Plus50 (1 Apr)
Prof Wim de Villiers	Rektor en Visekanselier	US 'verbind tot meertaligheid'	Die Burger (3 Apr)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Justice is insurance for peace	City Press (4 Apr)
Prof Wim de Villiers	Rektor en Visekanselier	Stellenbosch University remains committed to inclusive multilingualism	News24 (5 Apr)
Prof Bob Mash	Huisartskunde en Primêre Sorg	Healthcare adapting to coronavirus pandemic	Cape Times (7 Apr)
Prof Resia Pretorius	Fisiologiese Wetenskappe	Let's manage our lifestyle diseases	Health24 (7 Apr)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	US se denkrigting oor Afrikaans skiet ver te kort	Netwerk24 (7 Apr)
Prof Johann Kirsten	BEO	Agriculture and land reform: How far are we from an integrated and inclusive rural economy?	Business Live (7 Apr)
Wandile Sihlobo	Landbousakekamer		
Dr Michele Francis	Grondkunde	'Sacred forests' in West Africa capture carbon and keep soil healthy	The Conversation (8 Apr)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Craig Bailie	Skool vir Sekerheid- en Afrikastudies	Slain by soldiers: Collins Khosa's death and the failure of the SANDF to embrace cultural evolution	Daily Maverick (8 Apr)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Die ewige slaap in fotografie verewig	Vrye Weekblad (9 Apr)
Tian Alberts	Magisterstudent (Regte)	US se uitnemendheid is allermins die wêreld s'n	Rapport (11 Apr)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	We need an Islamic ethical perspective fit for our current complex times	Al-Qalam (12 Apr)
Dr Christina Laurenzi & prof Mark Tomlinson	Instituut vir Lewensloop-geondheidsnavorsing	There is no magic bullet to solve problems of community safety, violence and risky behaviour	Daily Maverick (15 Apr)
Prof Steven Robins	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Lwazi Lushaba and his Hitler analogy: The cul-de-sacs and conundrums of 'competitive memory'	Daily Maverick (15 Apr)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Ramadaan is 'n tydperk van belangrike etiese vereistes	Netwerk24 (17 Apr)
Dr Alanna Rebelo & prof Karen Esler	Bewaringsekologie en Entomologie	Why the fire on Cape Town's iconic Table Mountain was particularly devastating	The Conversation (20 Apr)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	"Dala Afrikaans!" – die geboorte van 'n nuwe taalbeweging	LitNet (20 Apr)
Prof Stella Viljoen	Visuele Kunste	Wilma Cruise makes art for those adulting through a political, socio-economic or health crisis	Arts24 (21 Apr)
Dr Marenet Jordaan	Joernalistiek	My suster, die vroedvrou	Netwerk24 (21 Apr)
Prof Alex Welte	Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Analise	The problem with pausing a vaccine rollout	GroundUp (21 Apr)
Prof Rachid Ouifki	Universiteit van Pretoria		
Saartjie Botha	Toyota US Woordfees	Pandemie + kunste =?	Die Burger (22 Apr)
Helanya Fourie & Graig Lemboe	BEO	What can be done to increase SA's social wage?	Business Live (22 Apr)
Prof Leila Patel	Universiteit van Johannesburg		
Prof Brian Van Wilgen	Sentrum vir Indringerbiologie	The Table Mountain fire: what we can learn from the main drivers of wildfires	The Conversation (22 Apr)
Dr Nicola van Wilgen-Bredenkamp	SANParke		
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	The ambivalence of celebrating Freedom Day in times of toxic inequality	Daily Maverick (22 Apr)
Florence de Vries	Bemarking en Kommunikasie, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Katarsis in die Tankwa	Vrye Weekblad (23 Apr)
Dr Zelda Barends	Kurrikulumstudie	Literacy a skill needed in today's world	Cape Times (23 Apr)
Prof Jane Battersby	Universiteit van Kaapstad	Food for thought: the Freedom Charter and freedom from hunger	Daily Maverick (24 Apr)
Dr Scott Drimie	Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium		
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Covid holds lessons for the pursuit of social justice	Weekend Argus (25 Apr)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Josh Romisher	US LaunchLab	Technology transfer offices have their work cut out to turn innovative ideas into reality	Business Live (26 Apr)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Vryheid 27	Die Burger (27 Apr)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	27 years into democracy and we are still struggling with poverty and unemployment	News24 (27 Apr)
Prof Dieter von Fintel, dr Anja Smith & Mrttin Limbikani Mwale Francesca Marchetta	Ekonomie Universiteit van Clermont Auvergne	Malawi's farm subsidies aren't helping women: but there are solutions	The Conversation (27 Apr)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Boelies: Moenie stilbly!	Die Burger (28 Apr)
Dr Natasha Winkler-Titus	USB	Will the pandemic really shape the future workplace?	The Conversation (28 Apr)
Dr Heleen Hofmeyr	Ekonomie	Grit matters when a child is learning to read, even in poor South African schools	The Conversation (29 Apr)
Dr Sonja Strydom Miné de Klerk	Sentrum vir Leertegnologieë Leer- en Onderrigverryking	Humanising pedagogies to facilitate digital learning	University World News (29 Apr)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	South Africa is notorious for its high levels of gender-based violence	IOL (29 Apr)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingbeleidstudie	Brand laat ons oor stad besin	Netwerk24 (30 Apr)
Dr Daniel le Roux	Inligtingwetenskap	Let's race with, not against, the machine	Mail & Guardian (30 Apr)
Dr Gawie Botma	Joernalistiek	Digging deeper into the meaning of press freedom	Cape Times (3 Mei)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	Journalism: The 'best vaccine against disinformation'	News24 (3 Mei)
Dr Vuyiseka Dubula-Majola	Afrikasentrum vir MIV/Vigs-bestuur	'It takes a village to complete a PhD': My message to the Humanities Class of 2021	Daily Maverick (3 Mei)
Dr Emmanuel Ojo Annie Burger Dr Anthony Onwuegbuzie Bryan Bergsteedt Dr Samantha Adams Dr Talitha Crowley	Universiteit van die Witwatersrand PhD-student (Lettere en Sosiale Wetenskappe) Universiteit van Cambridge Kliniese Anatomie Bedryfsielkunde Verpleeg- en Verloskunde	How the pandemic is hurting university students' mental health	The Conversation (4 Mei)
Prof Faadiel Essop	Fisiologiese Wetenskappe	In a post-truth world, science is under threat — we need an inoculation against fake news	Daily Maverick (5 Mei)
Dr Evert Kleynhans	Militêre Geskiedenis	A return to the archives sheds light on German spies in South Africa during WWII	The Conversation (6 Mei)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	'Ek sou kon doen met 'n miljoen'	Die Burger (8 Mei)

Rubrieke (23 Feb–10 Mei 2021)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	The future of healthcare	Finweek (4 Mrt)
		Net mou oprol sal werk	Rapport (14 Mrt)
		Banking on an inclusive digital revolution	Finweek (18 Mrt)
		The future of the farm	Finweek (9 Apr)
		The future of the stock market	Finweek (23 Apr)
		Hoe red ons die natuur?	Rapport (9 Mei)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Zuma-hofsake vertel 'n storie	Netwerk24 (23 Feb)
		Pandemie eis sy tol onder vroue	Die Burger (8 Mrt)
		Rassisme lê in onderbewuste	Die Burger (23 Mrt)
		Gesprek oor ras kan morsig raak	Die Burger (6 Apr)
		Laat ons nie van Rwanda vergeet	Die Burger (20 Apr)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	'I was expecting a bloodbath.' It is a bloodbath, Angie!	Times Live (24 Feb)
		If all our children aren't safe none of us will be	Times Live (3 Mrt)
		This is how to break the student debt stalemate	Times Live (10 Mrt)
		These protests are becoming a playground for 'professional' students	Times Live (17 Mrt)
		Woke brigade fakes outrage over combs and words while ignoring real racism	Times Live (24 Mrt)
		To Ace change, SA must step aside from believing empty words	Times Live (31 Mrt)
		This is why it was so wrong to call Maimane an 'experiment'	Times Live (7 Apr)
		This is why Hitler-hailing attention seekers are so dangerous in SA	Times Live (14 Apr)
		It's easy to wail over burnt libraries when there's no-one to blame	Times Live (21 Apr)
		Beware SA's shenanigans with other countries behind our backs	Times Live (28 Apr)
		SA's vaccine rollout is a disaster. Hand it over to the private sector, Cyril	Times Live (5 Mei)
		Dr Donald Katts	Praktiese Teologie en Missiologie
Verlange alleen na menslikheid nie genoeg	Netwerk24 (24 Mrt)		
Dink mooi oor hantering van teleurstelling	Netwerk24 (21 Apr)		
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Raak gemaklik met 'n lewe wat teenstrydig is	Die Burger (17 Mrt)
		Die waarheid se baie gedaantes maak ons vry	Netwerk24 (14 Apr)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Klas van 2020 presteer toe bo alle verwagtinge	Die Burger (2 Mrt)
		Studente se geldkrisis vra herbesinning	Netwerk24 (16 Mrt)
		Kinders se reg tot onderwys só geskaad	Netwerk24 (30 Mrt)
		Leierskap bly die sleutel tot sukses in skole	Die Burger (13 Apr)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Reggie Nel	Dekaan: Teologie	Nuwe normaal bied blinknuwe kanse aan ons	Beeld (10 Mrt)
		Raak betrokke by ons kinders se potensiaal	Netwerk24 (7 Apr)
		Gelowiges is geroepe tot 'n dieper vryheid	Die Burger (5 Mei)
Hugo Pienaar	BEO	Vakbonde op 'n ander planeet oor staatsdienslone	Vrye Weekblad (5 Mrt)
		Groei wink vir wêreld-ekonomie, maar SA Reserwebank kan kies om veilig te speel	Vrye Weekblad (19 Mrt)
		COVID bring ook wenners en presteerders tussen al die skade en verlies	Vrye Weekblad (16 Apr)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Dis niks anders nie as anargie	Die Burger (2 Mrt)
		Rassisme is nog steeds met ons	Die Burger (16 Mrt)
		Wat dóén ons aan rassisme?	Netwerk24 (30 Mrt)
		Wag Nirvana of Armageddon?	Die Burger (13 Apr)
Dr Leslie van Rooi	Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	US-koshuise: Afrikaans moet brug bou oor grense	Netwerk24 (12 Mrt)
		Vryheidsdag 2021: Hoe vry is ons en hoe vry wil ons wees?	Netwerk24 (22 Apr)

MEDEWERKERS

Die verslag is saamgestel deur **Naudé van der Merwe**, Bestuurskommunikasiespesialis en **Desmond Thompson**, Waarnemende Hoof: Korporatiewe Kommunikasie, in oorleg met **Prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **Mohamed Shaikh**, Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat.

Die **US Taalsentrum** het die redigeer- en vertaalwerk deur hul medewerker **Hendrien Swanepoel** gefasiliteer. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat alfabeties volgens US-omgewing gelys word:

Biblioteek- en Inligtingsdiens: Ilse de Lange

Fasiliteitsbestuur: Nicolette van den Eijkel, Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht

Finansies: Manie Lombard, Liesel Grobbelaar, Karen Strauss

Informasietegnologie: Attie Juyn, Sonja van der Westhuizen

Inligtingsoorsigbestuur: Leon Eygelaar, Jerusha Naidoo, Jerall Toi en Dr Wilhelm Uys

Innovus/SUNCOM: Anita Nel, Joshua Romisher, Carol Kat

Kantoor van die Bedryfshoof: Prof Stan du Plessis, Petro Mostert

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking: Dr Alec Basson, Marguerite Cloete, Christelle Feyt, Marick Hornsveld, Candes Keating Martin Viljoen en Michelle Swart (studentewerwing)

Leer- en Onderrigverryking: Dr Antoinette van der Merwe, Miné de Klerk, Erina Basson, Arné Binneman, Shannon Bishop, Sanet de Jager, Erica George, Christine Joubert, Michelle Pieters, Juanli Theron, Kim Wallmach, Charmaine van der Merwe, Nicoline Herman, Sim Ntwasa, Gerda Dullaart, Anthea Jacobs, Claudia Swart Jansen van Vuuren, Melanie Skead, Jean Farmer, Karin Cattel- Holden, Dr JP Bosman, Zainab Suliman, Sonja Strydom en Magriet de Villiers

Maties Sport: Ilhaam Groenewald

Navorsingsontwikkeling: Maryke Hunter Hüsselmann

Strategiese Inisiatiewe: Dr Barbara Pool

Studentesake: Dr Choice Makhetha, Dr Munita Dunn-Coetzee, Pieter Kloppers, Gareth Cornelissen, Ruth Andrews, Heidi October, Anele Mdepa, Yeki Mosomothane, Khairoonisa Foflonker en Ayanda Ntuli

US Internasionaal: Dr Nico Elema, Prof Sarah Howie, Anisa Khan, Robert Kotzé, Sarah van der Westhuizen

VS Leer en Onderrig: Prof Deresh Ramjugernath, Maretha Joyce

VS Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie: Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz

VS Registrateur: Dr Ronel Retief, Ashmind Daniels, Freek Truter, Dr Celeste Nel, Anne Havemann-Serfontein, Mecia Petersen, Farah Fredericks, Lazelle Bonthuys, Penny van der Bank, Ruby Frans, Beire Kramer, Robert Young en Jonathan Blanckenberg (en Candice Egan van Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge)

VS Sosiale Impak, Transformasie en Personeel: Prof Nico Koopman, Joanne Williams, Bongani Mgijima, Natasha Coltman, Dr Zethu Mkhize, Babalwa Gusha, Renee Hector-Kannemeyer, Mawethu Nyakatya, Chevaan Peters, Dr Leslie van Rooi, Michelle Jooste, Dr Craig Thompson, Susan Crumpton, Dr Jo-Anne Kirby, Dr Lynne Julie, Anneke Van Heerden, Dr Haidee Williams, Rukshana Adams, Erika Botha, Greshne Davids, Dr PL Viviers, Victor Mothobi, Venessa Williams, Shibu Mamabolo, Carmen Paynter en Lieze-Carli Roux

VS Strategie en Internasionalisering: Prof Hester Klopper, Dr Wayne Muller